NASPERS

Opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate
vir die jaar tot 31 Maart 2019

Kommentaar

Die afgelope jaar was transformerend vir die Naspers-groep aangesien ons 'n aantal beduidende strategiese inisiatiewe aangepak en uitgevoer het. Ons het belê om ons e-handelsegmente te versterk en ons het ons ambisies in kosaflewering verbreed. Alle sleutelsegmente het goeie vordering gemaak, gemeet aan finansiële en strategiese doelwitte.

Ons het ons Videovermaak-onderneming (MultiChoice Group) suksesvol op die JSE Beperk (JSE) genoteer en het ons aandele in dié maatskappy in Februarie 2019 aan ons aandeelhouers uitgekeer. MultiChoice Group word in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate as 'n beëindigde bedrywigheid weergegee en gevolglik sluit alle inkomstestaat-inligting vanuit voortgesette bedrywighede die bydrae van MultiChoice Group uit. Wins vanuit beëindigde bedrywighede, sluit die resultate van MultiChoice Group vir 11 maande van die huidige finansiële jaar as 'n enkellyn in die inkomstestaat in. Meer inligting oor MultiChoice Group se resultate is beskikbaar op **https://www.multichoice.com/investors/**.

As gevolg van hierdie strategiese inisiatiewe, gaan Naspers die 2020- finansiële jaar as 'n fundamenteel anderse groep binne, met bykans alle omset wat nou uit aanlyn bedrywighede gegenereer word, en is goed geplaas as 'n wêreldwye verbruikersinternetgroep.

Naspers het stewige resultate vir die jaar tot 31 Maart 2019 opgelewer. Groepomset, gemeet op die grondslag van ekonomiese belang en met ons Videovermaak-onderneming uitgesluit, was VS$19.0mjd, wat groei van 16% weerspieël (of 29% in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope). Soortgelyk gemeet, het die groep se handelswins met 10% tot VS$3.3mjd gestyg (of 22% in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope). Aangedryf deur Geklassifiseerde Advertensies, e-Kleinhandel (aanlyn kleinhandel), en Betalings en Fintech, het die e-handelsegment goed gepresteer en sy handelsverlies met 'n betekenisvolle 14% (15%) verminder. Kernwesensverdienste vanuit voortgesette bedrywighede was VS$3.0mjd – 'n styging van 26% (26%).

Soos genoem, het die handelsverlies in e-handel aansienlik gedaal, met Geklassifiseerde Advertensies wat aangehou het om marges te verbeter en in die geheel winsgewend was vir die jaar tot 31 Maart 2019. Die ander e-handelbates het ook verder skaal uitgebrei met e-Kleinhandel se handelsverlies wat byna gehalveer het en die Betalings en Fintech-onderneming se handelsverliesmarge wat van 22% verlede jaar tot 12% vanjaar vernou het.

In Maart 2019 het ons aangekondig dat ons beoog om ons internasionale internetbates op die Euronext Amsterdam te noteer. Die notering sal 'n nuwe wêreldwye verbruikersinternetgroep, Prosus N.V. (voorheen verwys na as NewCo) skep, wat ons internetbelange buite Suid-Afrika sal insluit, onder meer beleggings in aanlyn geklassifiseerde advertensies, kosaflewering, betalings en finansiële tegnologie, e-kleinhandel, reis, opvoeding en sosiale en internetplatforms. Prosus N.V. sal 'n sekondêre, inwaartse notering op die JSE in Suid-Afrika hê. Naspers sal na verwagting nagenoeg 75% daarvan besit en die vrylik verhandelbare aandele sal sowat 25% beloop. As Europa se grootste genoteerde verbruikersinternetmaatskappy volgens batewaarde sal Prosus N.V. aan wêreldwye internetbeleggers regstreekse toegang gee tot ons unieke en aanloklike portefeulje internasionale internetbates. 'n Omsendbrief om die transaksie goed te keur, is in aanloop tot Naspers se buitengewone algemene vergadering op 28 Junie 2019 aan aandeelhouers gestuur. Indien dit op hierdie vergadering goedgekeur word, is die bedoeling om Prosus N.V. op 17 Julie 2019 op die Euronext Amsterdam te noteer.

Ons het VS$3.1mjd belê om groei te versnel en verskeie bestaande en nuwe ondernemings verder op te skaal. In die besonder sluit dit in: in Geklassifiseerde Advertensies is minderheidsbelange in Avito, Dubizzle en letgo ter waarde van VS$1.5mjd bekom om ons belange in dié ondernemings te verhoog, en 'n belegging van

VS$89m is in Frontier Car Group gedoen ten einde die model van geriefstransaksies verder na te streef; in Kosaflewering is 'n bykomende belegging van VS$716m in Swiggy gedoen om ons posisie in Indië uit te brei; VS$383m is in BYJU'S belê om innovasie aan te dryf en nuwe maatstawwe te stel vir tegnologie-bemagtigde leerprodukte; en deur PayU in Betalings en Fintech, is VS$60m in Zooz belê om ons wêreldwye handelsvermoë 'n hupstoot te gee.

Gegewe die wye geografiese verspreiding van ons bedrywighede en noemenswaardige beleggings om veral ons e-handelsegment op te skaal, word ons verdienste wesentlik beïnvloed deur wisselkoers-onbestendigheid en die uitwerking van verkrygings en verkope. Waar toepaslik in hierdie verslag, is aanpassings gedoen vir die uitwerking van wisselkoersbewegings asook verkrygings en verkope om onderliggende tendense te weerspieël. Dié aanpassings (pro forma- finansiële inligting) word tussen hakies aangedui ná die gelykwaardige maatstaf wat kragtens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) aangegee is. 'n Rekonsiliasie van die pro forma- finansiële inligting met die gelykwaardige IFRS-maatstaf word in aantekening 17 van hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate verskaf.

FINANSIËLE OORSIG

Die bydrae wat ekwiteitsverantwoorde beleggings tot groepverdienste lewer, het met 4% gestyg. Dit sluit in VS$126m se wins vanuit die verkoop van beleggings, waardedalingsverliese van VS$799m en billikewaarde-aansuiwerings op finansiële instrumente van VS$1.5mjd wat hoofsaaklik deur Tencent erken is.

'n Wins van VS$1.6mjd is aangeteken nadat ons ons 12%-belang in Flipkart in Augustus 2018 vir VS$2.2mjd verkoop het, wat 'n interne opbrengskoers van nagenoeg 29% meebring.

Ná die uitkering van MultiChoice Group aan aandeelhouers, is 'n wins op uitkering van VS$2.5mjd aangeteken. Dit is in die inkomstestaat weergegee as deel van die wins vanuit beëindigde bedrywighede.

Waardedalingsverliese van VS$123m hou hoofsaaklik verband met 'n ekwiteitsverantwoorde belegging gefokus op die verskaffing van lenings en finansiële dienste aan verbruikers in die Betalings en Fintech-onderneming. Ons het dié belegging (insluitend die verskaffing van omskepbare skuldfinansiering) se waarde afgeskryf omdat die prestasie van die onderneming en die geleentheid om dié belegging in te span om na ons kernmarkte uit te brei, nie aan ons verwagtinge voldoen het nie.

Verkoopopsieverpligtinge het teen 31 Maart 2019 altesame VS$827m beloop, vergeleke met VS$2.4mjd 'n jaar gelede, met 'n totale hermetingsinkomste van VS$53m wat oor die tydperk in die inkomstestaat erken is op dié verpligtinge. Die aansienlike daling jaar tot jaar hou hoofsaaklik verband met die vereffening van verkoopopsieverpligtinge met betrekking tot die Avito- en Dubizzle-ondernemings, sowel as 'n deel van die verkoopopsieverpligting in letgo, in ons Geklassifiseerde Advertensie-onderneming.

Ons dui 'n gesonde netto kontantposisie van VS$6.3mjd teen jaareinde aan (korttermyn-kontantbeleggings ingesluit), hoofsaaklik danksy die opbrengs uit die Flipkart-verkoopstransaksie in Augustus 2018 en vanuit gedeeltelike verkoop van ons belang in Tencent verlede jaar. Die hoër netto kontantposisie het gelei tot 'n netto rente-inkomste van VS$82m. Die vordering van ons kernsegmente, wat vinnig groei en goed opskaal, gee ons vertroue in ons vermoë om voortdurend geleenthede raak te sien wat beduidende waarde kan ontsluit. Die totale vrye kontantinvloei wat geskep is deur e-handel- en internetondernemings wat wel 'n positiewe vrye kontantvloei oplewer, het van VS$217m in 2016 tot VS$673m vanjaar gestyg. Dit sluit in die dividende wat van Tencent ontvang is en verteenwoordig 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 46% danksy sterk groei in die winsgewendheid van hierdie ondernemings.

Om die verwaterende uitwerking van aandele-opsies en beperkte aandele-eenhede (RSU's) wat aan ons werknemers toegestaan is, teen te werk,

het ons VS$78m belê om Naspers N- gewone aandele op die mark te koop en ons sal in die toekoms voortgaan om dit te doen.

Gekonsolideerde vrye kontantvloei was VS$184m, 'n aansienlike verbetering teenoor die vorige jaar. Dit is aangedryf deur die verhoogde winsgewendheid van die e-handelondernemings, dividende van VS$342m van Tencent, en die uitwerking van positiewe bedryfskapitaal uit Videovermaak. Gekonsolideerde vrye kontantuitvloei vanuit voortgesette bedrywighede (dus Videovermaak uitgesluit) was VS$120m – 'n 60%-verbetering teenoor die vorige jaar op dieselfde grondslag gemeet.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie enige vooruitskattings wat in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate verskyn, nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

Tensy anders vermeld, is die volgende segmentele oorsig op die grondslag van ekonomiese belang opgestel (dit sluit gekonsolideerde filiale en 'n proporsionele konsolidasie van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in).

SEGMENTELE OORSIG

Internet

Internet-omset was 18% (30%) hoër op VS$18.7mjd. Die segment se handelswins het met 11% (22%) gestyg soos wat talle e-handelondernemings hul winsgewendheid versnel het en Tencent 'n stabiele prestasie gelewer het.

e-Handel

In die geheel het e-handel se omset met 10% (26%) tot VS$3.9mjd gestyg, met stewige bydraes van Geklassifiseerde Advertensies, Kosaflewering, Betalings en Fintech, en e-Kleinhandel.

e-Handel se handelsverlies het met 14% (15%) gedaal, aangedryf deur 'n verbetering van VS$116m in die winsgewendheid van Geklassifiseerde Advertensies en 'n inkrimping in die handelsverliese van ondernemings in e-Kleinhandel, asook in Betalings en Fintech. Dit is deels teengewerk deur verdere beleggings om die noemenswaardige geleenthede in aanlyn kosaflewering aan te gryp.

Ons winsgewende e-handelondernemings het omset en handelswins van onderskeidelik VS$2.0mjd en VS$414m opgelewer. Op 'n vergelykbare grondslag weerspieël dit groei van onderskeidelik 15% (26%) en 29% (42%).

Geklassifiseerde Advertensies

Geklassifiseerde Advertensies het 'n merkwaardige prestasie gelewer, met omset 39% (37%) hoër op VS$875m. Avito, OLX Brasilië, OLX Pole en die vertikaal geïntegreerde motorhandelonderneming (insluitend Frontier Car Group), wat in die lopende boekjaar verkry is, het goed gegroei. Die segment was as geheel winsgewend (letgo ingesluit) met handelswins van VS$2m, 'n aansienlike verbetering op die handelsverlies van VS$114m in die vorige jaar.

Avito het sy omset in plaaslike munt en aangepas vir verkrygings en verkope, met 28% tot VS$322m verhoog nadat beleggings in verbeterde produkkenmerke en verbruikerservaring gebruikersbetrokkenheid verbeter het. OLX Brasilië het sy omset met 22% (44%) gegroei omdat hy monetisering verbreed het uit sy motor-vertikaal. Die onderneming het wins verklaar – 'n merkwaardige verbetering op verlede jaar – soos wat hy begin opskaal het. letgo se fokus op produkte en verbruikerstevredenheid het 'n rekordtal gebruikers opgelewer en so sy mededingende posisie verbeter en ook begin geld maak.

Gegewe die stewige resultate en traksie wat dié ondernemings getoon het, het ons gedurende die jaar nog VS$1.5mjd belê om die minderheidsaandeelhouers in Avito, letgo in die VSA, en Dubizzle uit te koop.

Geklassifiseerde Advertensies het in die jaar verskeie verkrygings in sy geriefstransaksiemodelle gedoen ten einde sy markteenwoordigheid te verdiep en verbruikers se ervaring te verbeter. Hierdie segment het 'n minderheidsbelang in Frontier Car Group bekom, asook 'n beherende belang in Aasaanjobs ('n aanlynwerwingswebwerf in Indië).

Geklassifiseerde Advertensies het ook sekere van die minderheidsaandeelhouers van OLX Indonesië uitgekoop en só Naspers se belang verhoog.

Betalings en Fintech

PayU het nog 'n jaar van sterk groei aangeteken, aangedryf deur sy Betalingsonderneming. Omset uit Betalings en Fintech het met 22% (28%) gestyg en die handelsverlies het met 'n betekenisvolle 33% (67%) vernou. Die betalingsdiensverskaffer-onderneming het 'n beduidende mylpaal bereik deur as geheel winsgewend te word en boonop winsgewend te word in elkeen van sy kernmarkte, insluitend Indië.

Volumes wat in die Betalingsonderneming verwerk is, het VS$30mjd gehaal, wat groei van 29% in plaaslike munt verteenwoordig danksy meer as 920 miljoen transaksies. Uit PayU se belangrikste markte het Indië die vinnigste gegroei en verteenwoordig dit byna die helfte van alle transaksies wat verwerk is. Die Betalingsondernemings van EMEA (Europa, die Midde-Ooste en Afrika) en Latyns-Amerika is in die jaar saamgesmelt, wat beduidende kostebesparings meegebring het. Die opskaal van omset en die verlaging van koste danksy dié stap het die betalingsonderneming as geheel winsgewend gemaak, en dus ook winsgewend in Indië.

PayU het verder belê om 'n kredietplatform in Indië te skep. Sy produk LazyPay het byna 700 000 verbruikers in die huidige jaar bereik. Deur die data en kredietprofiele in te span wat op LazyPay opgebou is, het die onderneming afbetalingskrediet onder uitgesoekte verbruikers begin toets. Die Indiese kredietportefeulje se minderheidsbeleggings, ZestMoney en PaySense, het verder opgeskaal en het teen 31 Maart 2019 altesame VS$15m se lenings per maand uitgereik.

Remitly, die minderheidsbelegging wat groei aangryp in die mark vir digitale oorgrens-geldoordragte, het na Europa uitgebrei nadat dit sukses in die VSA behaal het.

Kosaflewering

Aanlyn kosaflewering is 'n sektor met hoë potensiaal, wat hoë verbruikersbesteding verteenwoordig. Die kosmark is groot en verander vinnig. Mense bestee anders aan kos en meer van hul begroting aan kosaflewering, veral aanlyn, en minder aan tuisvoorbereiding en restaurantetes. Op 'n makrovlak gaan aanlyn afgelewerde kos wêreldwyd na verwagting vier keer vinniger as die algehele kosmark groei. Ons beleggings in dié segment sluit in: iFood, 'n toonaangewende aanlyn kosafleweraar in Latyns-Amerika deur ons meerderheidsbelang in Movile; Delivery Hero, wêreldwyd 'n toonaangewende markplek vir aanlyn kosbestelling en -aflewering wat in meer as 40 lande sake doen; en Swiggy, 'n toonaangewende speler in Indië. In die oorsigtydperk het ons aanlynkosafleweringsbates hul sterk groeitrajek voortgesit, wat gelei het tot 'n kumulatiewe geannualiseerde styging van 57% in die bruto handelswarewaarde (GMV). Die gekombineerde bydraes van die portefeulje se ondernemings het die segment se omset meer as verdubbel (oftewel 'n styging van 57% in plaaslike munt en uitgesluit verkrygings en verkope) tot VS$377m. Aangesien ons egter meer belê het om dié ondernemings verder op te skaal, het die handelsverlies tot VS$171m toegeneem.

iFood bly loshand die voorloper in Brasilië en het 'n mededingende posisie in Mexiko en Colombia. iFood het in Maart 2019 meer as 17.4 miljoen bestellings in dié land verwerk, vergeleke met 7.6 miljoen in dieselfde maand verlede jaar, met 'n netwerk van meer as 66 000 aktiewe restaurante en 120 000 koeriers.

Swiggy, Indië se voorste maatskappy vir aanlyn kosbestellings en -aflewerings, het aansienlik gegroei, met geannualiseerde GMV-groei van 265% danksy 'n styging van 320% in geannualiseerde bestellingsvolumes. Swiggy doen nou in meer as 130 stede sake, met meer as 85 000 restaurante as vennote. In Januarie 2019 het ons 'n verdere VS$637m in Swiggy belê, wat ons effektiewe belang op 39% (35% ten volle verwater) te staan bring.

Vir sy boekjaar tot 31 Desember 2018 het Delivery Hero se omset uit voortgesette

ondernemings met 47% tot €665m gegroei, met bestellings wat 49% tot 369 miljoen gestyg het. Meer inligting oor Delivery Hero se resultate kan op **https://ir.deliveryhero.com** verkry word.

Gegewe die aansienlike potensiaal van dié segment, sy ontkiemingsfase en die goeie portefeulje Naspers-bates, het Naspers, Innova en Just Eat hulle in November 2018 daartoe verbind om VS$500m in iFood te belê om die maatskappy in staat te stel om sy groei te versnel deur dekking uit te brei, meer te belê in sy eie afleweringsvermoë, produk-ontwikkeling en -innovasie te versnel, en verpersoonlikte ervarings aan sy kliënte te lewer. Dié verbintenis sal in die komende jaar tot 'n styging in beleggings lei. Swiggy sal ook aanhou belê en Delivery Hero het onlangs, met die aankondiging van sy resultate, planne uiteengesit om nog te belê. Dié beleggingsplanne kan heelwat waarde vir Naspers ontsluit.

e-Kleinhandel

e-Kleinhandel het goeie groei aangeteken. Gemeet in plaaslike munt en aangepas vir die verkoop van Flipkart in Augustus 2018, sowel as van Souq en Konga verlede jaar, het omset met 20% tot VS$1.8mjd gestyg. Op 'n soortgelyke grondslag het die handelsverlies met 14% tot VS$150m gedaal soos die onderneming aanhou opskaal het.

Soos hierbo uiteengesit, het ons ons belang in die ekwiteitsverantwoorde aanlyn kleinhandelaar Flipkart in die loop van die jaar verkoop en sluit daarom slegs sewe maande van sy resultate vir die doelwit van segmentele verslagdoening in, wat ons deel van Flipkart se verdienste tot en met die verkoopdatum weerspieël.

eMAG, die voorste sake-tot-verbruikers-(B2C) platform in Sentraal- en Oos-Europa, het vinniger gegroei as die markte waarin hy 'n voetspoor het. In sy tuisland, Roemenië, het sy GMV met 25% gegroei. Beide die e-kleinhandel- en markondernemings dra steeds sterk tot eMAG se algehele resultate by, en winsgewendheid het op 'n jaargrondslag met 46% gestyg danksy hoër bruto winsmarges.

In Suid-Afrika het Takealot sy markposisie as die toonaangewende B2C-platform in die land gekonsolideer deur sy GMV met 42% en sy omset met 69% te verhoog. Takealot se aanlyn kosafleweraar, Mr D Food, het ook sy markaandeel vergroot en sy GMV het met meer as 170% opgeskiet. Mr D Food se resultate word as deel van die e-Kleinhandelsegment weergegee aangesien sy logistiek met dié van Takealot geïntegreer is. In Oktober 2018 het Takealot se aanlyn modehandelsnaam, Superbalist, met Spree, die aanlyn modehandelsnaam van Media24, saamgesmelt. Die gekombineerde onderneming doen sake as Superbalist en sy resultate word as deel van e-Kleinhandel weergegee vir die doeleindes van segmentele verslagdoening.

Reis

Ons ekwiteitsverantwoorde belegging in aanlyn reis in Indië, MakeMyTrip, het 'n styging in sy omset oor al sy vertikale aangeteken. Bruto hotelbesprekings het in plaaslike munt met 17% gestyg, en alleenstaande kamernagte met 23%. Lugreistransaksies het met 29% gestyg. MakeMyTrip se hotelonderneming het die verbetering van sy eenheidsbesparings voortgesit, wat meegebring het dat ons deel van sy handelsverlies met 'n aansienlike 39% gedaal het. Ons deel van MakeMyTrip se omset het op 'n jaargrondslag met 30% gestyg. In April 2019 het ons aangekondig dat ons ons 43%-belang in MakeMyTrip vir 'n 5.6%-belang in Ctrip.com International Limited gaan verruil. Dié transaksie sal na verwagting in die tweede helfte van die 2019-kalenderjaar gefinaliseer word, onderhewig aan regulatoriese goedkeuring.

Meer inligting oor MakeMyTrip se resultate is beskikbaar op **http://investors.makemytrip.com**.

Tencent

Vir die jaar tot 31 Desember 2018 het Tencent se omset met 32% tot RMB313mjd gestyg. Wins op 'n nie-AARP-grondslag toeskryfbaar aan aandeelhouers (Tencent se maatstaf van genormaliseerde prestasie) was 19% hoër op RMB77mjd.

Omset uit waardetoegevoegde dienste het met 15% tot RMB177mjd gestyg, waarvan die omset uit aanlyn speletjies met 6% tot RMB104mjd gestyg het en uit sosialemedia-netwerke met 30% tot RMB73mjd. Omset uit aanlyn advertensies het met 44% tot RMB58mjd gestyg. Ander omset (grootliks betalings- en wolkdienste) het met 80% tot RMB78mjd gestyg.

Tencent is weereens die markleier in China, met tien uit die 20 gewildste mobiele apps. Weixin en WeChat se gekombineerde maandelikse aktiewe gebruikers het 1.1 miljard gehaal, en sy status as super-app het 'n hupstoot gekry danksy die uitbreiding van die Weixin-miniprogramme. Tencent het sy interaksie met jong gebruikers verbeter danksy innoverende eienskappe, moontlik gemaak deur QQ se kunsmatige intelligensie-eienskappe, wat gesprekke prettiger en meer interaktief gemaak het. Deur sy omvangryke portefeulje van intellektuele eiendom in te span, verskaf Tencent digitale inhoud oor aanlyn mediaplatforms aan sy gebruikers, met sy totale aantal intekenare wat nou op meer as 100 miljoen staan. Die Tencent-groep het 'n gesonde styging in sy advertensie-inkomste behaal deur meer adverteerders op meer platforms te verbind weens meer akkurate gebruikers-toespitsing.

Ondanks 'n nuwe regulatoriese bestel wat die loodsing van aanlyn speletjies in die algemeen gekniehalter het en Tencent se omsetgroei uit speletjies afgerem het, kon Tencent sy posisie as leier van China se mark vir aanlyn speletjies behou, en is hy steeds besig om sy wêreldwye teenwoordigheid uit te brei. Tencent het sy leiersposisie in mobiele betalings uitgebrei danksy die styging in aktiewe gebruikersrekeninge en die aantal transaksies, wat in 2018 gemiddeld 1 miljard per dag beloop het. Dit was grootliks danksy die vinnige uitbreiding van kommersiële betalings – die omset en transaksievolumes daarvan het in 2018 meer as verdubbel.

Tencent is besig om sy belegging in sy kerninfrastruktuur en ontluikende tegnologieë te verhoog ten einde die neiging na slim e-handel te omarm. Dit sal sy bestaande sakevennote in staat stel om beter met hul gebruikers te skakel deur 'n groeiende, oop en gekonnekteerd ekostelsel, wat die verbruikerservaring meer bevredigend en persoonlik maak.

Meer inligting oor Tencent se resultate is beskikbaar op **www.tencent.com/en-us/ir**.

Mail.ru

Mail.ru se omset vir die jaar tot Desember 2018 het met 33% tot RBL75mjd gestyg. Advertensie-inkomste styg steeds stewig, met mobiele advertensies op sosialemedia-netwerke wat steeds die vinnigste-groeiende gebied is. Hustle Castle, 'n mobiele speletjie wat Mail.ru ontwikkel het, het sy gewildste speletjie geword. War Robots en Warface het steeds stewig gegroei en goed presteer. Internasionale omset verteenwoordig nou 63% van Mail.ru se omset uit aanlyn speletjies.

Delivery Club bly die grootste platform vir aanlyn kosaflewering in Rusland, met jaargroei van 67% in maandelikse aktiewe gebruikers. Mail.ru het die 80% van United Media Agency wat hy nie besit het nie, aangeskaf. United Media Agency is 'n samesteller en verspreider van digitale inhoud in Rusland en spog met die grootste aantal intekenare in Rusland, naamlik 2.1 miljoen mense wat betaalde of proefsubskripsies het.

Meer inligting oor Mail.ru se resultate is beskikbaar op **https://corp.mail.ru/en/investors/**.

VOORUITSIGTE

Ons sal in die jaar wat voorlê daarop gefokus bly om die winsgewendheid van ons gevestigde e-handelsegmente te verhoog, die opskaal van kosaflewering te versnel en die produkte en dienste in ons kernsegmente uit te brei, en om ons sterk balansstaat te gebruik om selektief in nuwe geleenthede te belê. Ons sal ook die mededingendheid van ons platforms verbeter deur aan te hou belê in tegnologie en produkte en ons vermoëns vir kunsmatige intelligensie te versterk.

Ons beoog om in Julie 2019 die notering van ons internasionale e-handelbates op die Euronext Amsterdam te voltooi, wat nuwe geleenthede vir internasionale tegnologiebeleggers sal skep om toegang tot ons unieke portefeulje te verkry en sodoende ons gewig op die JSE te verminder – 'n stap wat ons glo sal help om aandeelhouerswaarde mettertyd te maksimeer.

DIREKSIE

Op 25 Februarie 2019 het Guijin Liu ná talle jare van waardevolle bydraes as 'n nie-uitvoerende direkteur afgetree. Die direksie betuig sy dank aan Guijin Liu.

As gevolg van die notering op die JSE en die daaropvolgende uitkering van MultiChoice Group aan aandeelhouers, het Nolo Letele 'n nie-uitvoerende direkteur van die groep geword.

Daarby het ons op 6 Mei 2019 aangekondig dat Manisha Girotra as 'n onafhanklike, nie-uitvoerende direkteur van Naspers aangestel sal word ná die notering van die Naspers-filiaal Prosus N.V. op die Euronext Amsterdam, na verwagting in Julie 2019. Manisha sal ook op Prosus N.V. se direksie dien en lid wees van Naspers en Prosus N.V. se ouditkomitees.

DIVIDEND NOMMER 90

(Alle syfers in Suid-Afrikaanse sent)

Die direksie beveel aan dat die jaarlikse bruto dividend met 10% tot 715 sent (2018: 650 sent) per genoteerde N- gewone aandeel verhoog word en tot 143 sent (2018: 130 sent) per ongenoteerde A- gewone aandeel. Indien aandeelhouers dit op die algemene jaarvergadering op Vrydag 23 Augustus 2019 goedkeur, sal dividende betaalbaar wees aan aandeelhouers wat op Vrydag 13 September 2019 in die boeke aangeteken is, en sal dit op Maandag 16 September 2019 uitgekeer word. Die laaste dag vir verhandeling met dividend sal Dinsdag 10 September 2019 wees (aandele sal dus vanaf Woensdag 11 September 2019 sonder dividend verhandel). Geen aandelesertifikate mag vanaf Woensdag 11 September 2019 tot Vrydag 13 September 2019, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie. Die dividend sal uit inkomstereserwes verklaar word. Dit sal onderhewig wees aan die dividendbelastingkoers van 20%, dus 'n netto dividend van 572 sent per genoteerde N- gewone aandeel en 114 sent per ongenoteerde A- gewone aandeel vir aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Dividendbelasting sal 143 sent per genoteerde N- gewone aandeel bedra en 29 sent per ongenoteerde A- gewone aandeel. Die uitgereikte gewone aandelekapitaal soos op 21 Junie 2019 was 438 656 059 N- gewone aandele en 907 128 A- gewone aandele. Die maatskappy se inkomstebelastingverwysingsnommer is 9550138714.

VOORBEREIDING VAN DIE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Die voorbereiding van die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate is gedoen onder toesig van die groep se finansiële direkteur, Basil Sgourdos GR(SA). Hierdie resultate is op 21 Junie 2019 uitgereik.

Namens die direksie

Koos Bekker
Voorsitter

Bob van Dijk
Uitvoerende hoof

Kaapstad
21 Junie 2019

Opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat

vir die jaar tot 31 Maart

	Aantekeninge	2019 VS$'m	Herstateer[1] 2018 VS$'m	%-verandering
Voortgesette bedrywighede				
Omset uit kontrakte met kliënte	6	**3 291**	2 985	10
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop		**(2 104)**	(1 884)	
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes		**(1 716)**	(1 728)	
Ander netto (verliese)/winste		**(38)**	(32)	
Bedryfsverlies		**(567)**	(659)	14
Rente ontvang	7	**284**	52	
Rente betaal	7	**(205)**	(197)	
Ander netto finansieringsinkomste/(-koste)	7	**130**	(379)	
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	9	**3 410**	3 285	
Waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings		**(88)**	(46)	
Verwaterings(verlies)/-wins van ekwiteitsverantwoorde beleggings		**(182)**	9 216	
Wins/(verlies) met verkrygings en verkope		**1 609**	(93)	
Wins voor belasting	8	**4 391**	11 179	(61)
Belasting		**(229)**	(70)	
Wins vanuit voortgesette bedrywighede		**4 162**	11 109	
Wins vanuit beëindigde bedrywighede	4	**2 759**	190	
Wins vir die jaar		**6 921**	11 299	(39)
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers van die groep		**6 901**	11 358	
Nie-beherende belang		**20**	(59)	
		6 921	11 299	
Inligting per aandeel met verwysing na voortgesette bedrywighede				
Kernwesensverdienste vir die jaar (VS$'m)	5	**3 000**	2 388	26
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**694**	553	25
Verwaterde kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**680**	540	26
Wesensverdienste vir die jaar (VS$'m)	5	**3 719**	1 670	123
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**860**	387	122
Verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**846**	374	126
Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**976**	2 604	(63)
Verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**961**	2 585	(63)
Netto getal aandele uitgereik ('000)				
– Aan die einde van die jaar		**432 200**	432 126	
– Geweegde gemiddelde vir die jaar		**432 202**	431 635	
– Verwaterde geweegde gemiddelde		**434 060**	433 003	

[1] *Hou verband met die uitwerking van die aanvaarding van IFRS 15.*

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings tydens die jaar.

Opgesomde gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

vir die jaar tot 31 Maart

	2019 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m
Wins vir die jaar	**6 921**	11 299
Totale ander omvattende inkomste, netto van belasting, vir die jaar[1]	**(455)**	1 742
Omrekening van buitelandse bedrywighede	**(1 529)**	996
Netto billikewaarde-wins/(verlies)[2]	**11**	(4)
Kontantvloeiskanse	**169**	(98)
Belang in ander omvattende inkomste en reserwes van ekwiteitsverantwoorde beleggings[3]	**918**	835
Belasting op ander omvattende inkomste	**(24)**	13
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**6 466**	13 041
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**6 452**	13 026
Nie-beherende belang	**14**	15
	6 466	13 041

[1] *Alle komponente van ander omvattende inkomste kan in 'n toekomstige tydperk na wins of verlies herklassifiseer word, met die uitsondering van billikewaardewins van VS$10.8m en wins van VS$752.4m (2018: VS$361.0m) wat ingesluit is in die belang van ekwiteitsverantwoorde beleggings se bewegings in regstreekse reserwes.*

[2] *Hierna is voorheen verwys as beskikbaar-vir-verkoop beleggings ingevolge IAS 39* Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting. *Ná die toepassing van IFRS 9* Finansiële Instrumente *in 2019, sal die billikewaardewins of -verlies op dié beleggings nie meer herklassifiseer word na die inkomstestaat in toekomstige verslagdoeningstydperke nie.*

[3] *Sluit in die billikewaardeveranderinge op finansiële bates gemeet teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (waarna vroeër verwys is as beskikbaar-vir-verkoop beleggings) van ekwiteitsverantwoorde beleggings. Ná die toepassing van IFRS 9* Finansiële Instrumente *in 2019, sal die billikewaardewins of -verlies op dié beleggings nie meer herklassifiseer word na die inkomstestaat in toekomstige verslagdoeningstydperke nie.*

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings tydens die jaar.

Opgesomde gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit

vir die jaar tot 31 Maart

	2019 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m
Saldo aan die begin van die jaar	**25 692**	13 142
Veranderinge in aandelekapitaal en -premie		
Beweging in tesourie-aandele	**(20)**	(64)
Aandelekapitaal en -premie uitgereik	**–**	85
Veranderinge in reserwes		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**6 452**	13 026
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**(157)**	(48)
Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**720**	(195)
Beweging in waardasie-reserwe	**(436)**	–
Direkte beweging in behoue verdienste en ander reserwes	**(59)**	125
Dividende aan Naspers-aandeelhouers betaal	**(196)**	(262)
Uitkering in spesie[1]	**(3 828)**	–
Veranderinge in nie-beherende belang[2]		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**14**	15
Dividende aan nie-beherende aandeelhouers betaal	**(116)**	(153)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**65**	21
Saldo aan die einde van die jaar	**28 131**	25 692
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	**4 945**	4 965
Behoue verdienste	**23 793**	20 133
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**1 698**	1 460
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(1 127)**	(1 847)
Verskansingsreserwe	**–**	(106)
Waardasiereserwe	**760**	1 679
Buitelandsevaluta-omrekeningsreserwe	**(2 070)**	(761)
Nie-beherende belang	**132**	169
Totaal	**28 131**	25 692

[1] Hou verband met MultiChoice Group wat gedurende die jaar aan aandeelhouers uitgekeer is (verwys na aantekening 13).
[2] Die verandering in die huidige jaar sluit in die onterkenning van nie-beherende belang van VS$79.8m wat verband hou met MultiChoice Group wat aan aandeelhouers uitgekeer is (verwys na aantekening 13).

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings tydens die jaar.

Opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie

soos op 31 Maart

	Aante-keninge	2019 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m
BATES			
Nie-bedryfsbates		**23 133**	22 386
Eiendom, aanleg en toerusting		**191**	1 638
Klandisiewaarde	10	**2 120**	2 607
Ander ontasbare bates		**877**	1 143
Beleggings in geassosieerdes		**19 746**	16 666
Beleggings in gesamentlike ondernemings		**96**	78
Ander beleggings en lenings		**74**	115
Ander debiteure		**7**	21
Afgeleide finansiële instrumente		**1**	1
Uitgestelde belasting		**21**	117
Bedryfsbates		**10 552**	13 065
Voorraad		**209**	231
Program- en rolprentregte		**–**	240
Handelsdebiteure		**172**	452
Ander debiteure en lenings		**518**	762
Afgeleide finansiële instrumente		**4**	11
Korttermynbeleggings		**7 298**	–
Kontant en kontantekwivalente		**2 284**	11 369
		10 485	13 065
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	12	**67**	–
Totale bates		**33 685**	35 451
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die groep se ekwiteitshouers		**27 999**	25 523
Aandelekapitaal en -premie		**4 945**	4 965
Ander reserwes		**(739)**	425
Teruggehoue verdienste		**23 793**	20 133
Nie-beherende belang		**132**	169
Totale ekwiteit		**28 131**	25 692
Nie-bedryfslaste		**3 973**	5 623
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge		**5**	1 086
Laste – rentedraend		**3 237**	3 202
– nie-rentedraend		**9**	22
Ander nie-bedryfslaste		**538**	867
Nádiens- mediese aanspreeklikheid		**21**	30
Afgeleide finansiële instrumente		**33**	157
Uitgestelde belasting		**130**	259
Bedryfslaste		**1 581**	4 136
Huidige deel van langtermynskuld		**23**	280
Handelskrediteure		**287**	564
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste		**1 258**	3 162
Afgeleide finansiële instrumente		**3**	129
Bankoortrekkings		**8**	1
		1 579	4 136
Laste geklassifiseer as gehou vir verkoop	12	**2**	–
Totale ekwiteit en laste		**33 685**	35 451
Netto batewaarde per N- gewone aandeel (VS-sent)		**6 478**	5 906

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings tydens die tydperk.

Opgesomde gekonsolideerde staat van kontantvloei

vir die jaar tot 31 Maart

	Aante-keninge	2019 VS$'m	2018 VS$'m
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		322	141
Finansieringsinkomste ontvang		244	81
Dividende ontvang van beleggings en ekwiteitsverantwoorde maatskappye		344	251
Finansieringskoste betaal		(252)	(240)
Belasting betaal		(248)	(391)
Netto kontant geskep uit/(aangewend in) bedryfsaktiwiteite		410	(158)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Verkrygings en vervreemdings van tasbare en ontasbare bates		(152)	(138)
Verkrygings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	13	(1 402)	(1 957)
Vervreemdings van filiale, besighede, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	13	1 460	9 941
Verkryging van korttermynbeleggings[1]		(7 230)	–
Kontantbewegings in ander beleggings en lenings		(2)	7
Netto kontant (aangewend in)/geskep uit beleggingsaktiwiteite		(7 326)	7 853
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Opbrengs uit lang- en korttermynlenings aangegaan		62	1 124
Terugbetaling van lang- en korttermynlenings		(51)	(827)
Uitvloei van ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingstransaksies		(119)	(22)
Bykomende beleggings in bestaande filiale		(1 610)	(219)
Dividende betaal deur die beheermaatskappy en sy filiale		(317)	(344)
Ander bewegings as gevolg van finansieringsaktiwiteite		(8)	(100)
Netto kontant aangewend in finansieringsaktiwiteite		(2 043)	(388)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente		(8 959)	7 307
Buitelandsevaluta-omrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente		(133)	58
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		11 368	4 003
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		2 276	11 368

[1] Hou verband met korttermyn-kontantbeleggings wat langer as drie maande vanaf die verkrygingsdatum betaalbaar word.

Segmentele oorsig

vir die jaar tot 31 Maart

	Omset		
	2019 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m	%-verandering
Voortgesette bedrywighede			
Internet	**18 678**	15 863	18
e-Handel	**3 934**	3 582	10
– Geklassifiseerde Advertensies	**875**	628	39
– Betalings en Fintech	**360**	294	22
– Kosaflewering	**377**	166	>100
– e-Kleinhandel	**1 847**	2 060	(10)
– Reis[1]	**234**	211	11
– Ander	**241**	223	8
Sosiale en ander platforms	**14 744**	12 281	20
– Tencent	**14 457**	12 024	20
– Mail.ru	**287**	257	12
Media[2]	**326**	507	(36)
Korporatiewe dienste	**2**	2	–
Intersegmenteel	**(16)**	(20)	
Totale ekonomiese belang uit voortgesette bedrywighede	**18 990**	16 352	16
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(15 699)**	(13 367)	(17)
Gekonsolideerde totaal uit voortgesette bedrywighede	**3 291**	2 985	10
Totaal uit beëindigde bedrywighede (verwys na aantekening 4)	**3 321**	3 672	(10)
Gekonsolideer[3]	**6 612**	6 657	(1)

[1] *Aangepas vir die effek van aanvaarding van IFRS 15 op die groep se geassosieerde MakeMyTrip Limited. Die aanpassing het geen uitwerking op EBITDA of handelswins gehad nie.*
[2] *31 Maart 2018 sluit in VS$133.0m se omset, wat verband hou met Novus Holdings Beperk (Novus). Die groep het die meerderheid van sy aandele in Novus in September 2017 aan aandeelhouers uitgekeer.*
[3] *Sluit die resultate in van die Videovermaak-segment, wat as 'n beëindigde bedrywigheid geklassifiseer is (verwys na aantekening 4).*

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings tydens die tydperk.

Segmentele oorsig (vervolg)

vir die jaar tot 31 Maart

	EBITDA[1]		
	2019 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m	%-verandering
Voortgesette bedrywighede			
Internet	**3 813**	3 342	14
e-Handel	**(556)**	(655)	15
– Geklassifiseerde Advertensies	**19**	(99)	>100
– Betalings en Fintech	**(39)**	(60)	35
– Kosaflewering	**(162)**	(20)	>(100)
– e-Kleinhandel	**(133)**	(248)	46
– Reis	**(36)**	(59)	39
– Ander[2]	**(205)**	(169)	(21)
Sosiale en ander platforms	**4 369**	3 997	9
– Tencent	**4 324**	3 925	10
– Mail.ru	**45**	72	(38)
Media[3]	**(7)**	10	>(100)
Korporatiewe dienste	**(17)**	(18)	6
Totale ekonomiese belang uit voortgesette bedrywighede	**3 789**	3 334	14
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(4 120)**	(3 744)	(10)
Gekonsolideerde totaal uit voortgesette bedrywighede	**(331)**	(410)	19
Totaal uit beëindigde bedrywighede (verwys na aantekening 4)	**655**	669	(2)
Gekonsolideer[4]	**324**	259	25

[1] EBITDA verwys na verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie.

[2] Die groep het histories 'n deel van sy korporatiewe koste aan die Videovermaak-segment toegewys. Ná die uitkering van MultiChoice Group aan aandeelhouers in die huidige jaar, en die gevolglike aanbieding van die Videovermaak-segment as 'n beëindigde bedrywigheid, word korporatiewe koste nou slegs aan die e-handelsegment toegewys. Die groep beskou dié korporatiewe koste as grootliks verbandhoudend met steun aan die e-handelsegment. Ingevolge IFRS 8 Bedryfsegmente *het die groep die vergelykende inligting in die segmentele oorsig op dieselfde grondslag aangedui.*

[3] 31 Maart 2018 sluit in VS$33.3m se EBITDA wat verband hou met Novus Holdings Beperk (Novus). Die groep het die meerderheid van sy aandele in Novus in September 2017 aan aandeelhouers uitgekeer.

[4] Sluit die resultate in van die Videovermaak-segment, wat as 'n beëindigde bedrywigheid geklassifiseer is (verwys na aantekening 4).

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings tydens die tydperk.

Segmentele oorsig (vervolg)

vir die jaar tot 31 Maart

	Handelswins		
	2019 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m	%-verandering
Voortgesette bedrywighede			
Internet	**3 339**	3 013	11
e-Handel	**(613)**	(713)	14
– Geklassifiseerde Advertensies	**2**	(114)	>100
– Betalings en Fintech	**(43)**	(64)	33
– Kosaflewering	**(171)**	(30)	>(100)
– e-Kleinhandel	**(150)**	(270)	44
– Reis	**(37)**	(61)	39
– Ander[1]	**(214)**	(174)	(23)
Sosiale en ander platforms	**3 952**	3 726	6
– Tencent	**3 929**	3 675	7
– Mail.ru	**23**	51	(55)
Media[2]	**(14)**	3	>(100)
Korporatiewe dienste	**(21)**	(22)	5
Totale ekonomiese belang uit voortgesette bedrywighede	**3 304**	2 994	10
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(3 686)**	(3 449)	(7)
Gekonsolideerde totaal uit voortgesette bedrywighede	**(382)**	(455)	16
Totaal uit beëindigde bedrywighede (verwys na aantekening 4)	**512**	415	23
Gekonsolideer[3]	**130**	(40)	>100

[1] *Die groep het histories 'n deel van sy korporatiewe koste aan die Videovermaak-segment toegewys. Ná die uitkering van MultiChoice Group aan aandeelhouers in die huidige jaar, en die gevolglike aanbieding van die Videovermaak-segment as 'n beëindigde bedrywigheid, word korporatiewe koste nou slegs aan die e-handelsegment toegewys. Die groep beskou dié korporatiewe koste as grootliks verbandhoudend met steun aan die e-handelsegment. Ingevolge IFRS 8* Bedryfsegmente *het die groep die vergelykende inligting in die segmentele oorsig op dieselfde grondslag aangedui.*

[2] *31 Maart 2018 sluit in VS$33.3m se handelswins wat verband hou met Novus Holdings Beperk (Novus). Die groep het die meerderheid van sy aandele in Novus in September 2017 aan aandeelhouers uitgekeer.*

[3] *Dit sluit die resultate in van die Videovermaak-segment, wat as 'n beëindigde bedrywigheid geklassifiseer is (verwys na aantekening 4).*

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings tydens die tydperk.

Rekonsiliasie van gekonsolideerde handelsverlies na gekonsolideerde bedryfsverlies

vir die jaar tot 31 Maart

	2019 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m
Gekonsolideerde handelsverlies vanuit voortgesette bedrywighede[1]	**(398)**	(496)
Aangepas vir:		
Finansieringskoste op gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge	**1**	–
Amortisasie van ander ontasbare bates	**(94)**	(97)
Ander netto winste/(verliese)	**(38)**	(32)
Retensie-opsie-uitgawe	**(11)**	(7)
Tesourie-aandeelvereffende aandeelskemakoste	**(27)**	(27)
Gekonsolideerde bedryfsverlies vanuit voortgesette bedrywighede	**(567)**	(659)

[1] Sluit die uitwerking op netto wins in van handel tussen voortgesette en beëindigde bedrywighede van VS$15.7m (2018: VS$40.5m).

Vir 'n rekonsiliasie van gekonsolideerde bedryfsverlies na gekonsolideerde wins voor belasting, verwys na die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat.

Verwys na aantekening 2 vir besonderhede oor die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings tydens die jaar.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate

vir die jaar tot 31 Maart

1. ALGEMENE INLIGTING

Naspers Beperk (Naspers of die groep) is 'n wêreldwye verbruikersinternetgroep en een van die grootste tegnologiebeleggers ter wêreld. Die groep belê in en bedryf maatskappye met langtermynpotensiaal in lande en markte wêreldwyd. Naspers bou vooraanstaande maatskappye wat mense bemagtig en gemeenskappe verryk. Die groep bedryf en skep vennootskappe met 'n aantal vooraanstaande internetondernemings in die Amerikas, Afrika, Sentraal- en Oos-Europa en Asië in sektore wat aanlyn geklassifiseerde advertensies, kosaflewering, betalings en finansiële tegnologie, reis, opvoeding, gesondheid, en sosialemedia- en internetplatforms insluit.

2. GRONDSLAG VIR AANBIEDING EN REKENINGKUNDIGE BELEID

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart 2019 is voorberei in ooreenstemming met die JSE Beperk (JSE) se noteringsvereistes met betrekking tot opgesomde finansiële state (voorlopige verslae) en die bepalings van die Maatskappywet Nr 71 van 2008. Die JSE se noteringsvereistes vereis dat voorlopige verslae voorberei word in ooreenstemming met die raamwerkkonsepte en die metings- en erkeningsvereistes van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters se Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke, en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde en minstens ook die inligting bevat wat deur IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* vereis word. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate sluit nie al die openbaarmakings in wat vir volledige finansiële jaarstate opgestel ooreenkomstig IFRS vereis word soos uitgereik deur die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde (IASB) nie. Die rekeningkundige beleide wat gevolg is met die opstel van die gekonsolideerde finansiële jaarstate, waaruit die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate verkry is, strook met die beleid wat in die vorige gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is, behalwe soos hieronder uiteengesit word.

Die groep het alle nuwe en gewysigde rekeningkundige verklarings aanvaar wat deur die IASB uitgereik is en van toepassing is op finansiële jare wat op 1 April 2018 begin het. Die groep het IFRS 15 *Omset uit Kontrakte met Kliënte* (IFRS 15), IFRIC 22 *Buitelandsevaluta-transaksies en Vooruitbetaalde/Ontvange Vergoeding* (IFRIC 22) en IFRS 9 *Finansiële Instrumente* (IFRS 9) vanaf 1 April 2018 toegepas. 'n Aantal ander verklarings was ook vanaf 1 April 2018 van krag, maar het nie 'n noemenswaardige uitwerking op die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate gehad nie.

Die groep se rapporteerbare segmente weerspieël die komponente van die groep wat gereeld nagegaan word deur die uitvoerende hoof en ander senior bestuurders wat strategiese besluite neem. Die groep konsolideer sy aandeel in die resultate van sy geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings proporsioneel in sy rapporteerbare segmente.

2. GRONDSLAG VIR AANBIEDING EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Handelswins sluit uit afskrywings van ontasbare bates (behalwe sagteware), ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste met betrekking tot transaksies wat deur die uitgifte van tesourie-aandele vereffen word, en uitgawes ten opsigte van retensie-opsies en ander winste of verliese, maar sluit die finansieringskoste op gekapitaliseerde bruikhuurkontrakte in.

Kernwesensverdienste sluit nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye gerapporteer word nie.

Die uitwerking van die aanvaarding van nuwe rekeningkundige verklarings gedurende die jaar word hieronder uiteengesit.

IFRS 15 *Omset uit Kontrakte met Kliënte*

IFRS 15 het IAS 18 *Inkomste* vervang. Die groep het IFRS 15 terugwerkend toegepas en het die vergelykbare inligting in die opgesomde gekonsolideerde finansiële state herstateer. Benewens die feit dat dit bykomende en meer gedetailleerde openbaarmaking oor die erkenning van omset daarstel, het IFRS 15 nie 'n beduidende uitwerking op die groep se bestaande praktyke vir die erkenning van omset en opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate gehad nie.

Die kumulatiewe netto uitwerking van die aanvaarding van IFRS 15 vir die jaar tot 31 Maart was 'n daling van VS$3m in die gekonsolideerde omset en 'n styging van VS$1m in die wins vir die jaar. Die uitwerking het betrekking op die Videovermaak-segment, wat as 'n beëindigde bedrywigheid aangegee is (verwys na aantekening 4), aangesien IFRS 15 nie 'n noemenswaardige uitwerking op die groep se ander bedrywighede gehad het nie.

IFRS 9 *Finansiële Instrumente*

IFRS 9 het IAS 39 *Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting* (IAS 39) vervang. Die groep het IFRS 9 vanaf 1 April 2018 toegepas en het gekies om nie vergelykbare inligting met die oorgang te herstateer nie. Die uitwerking van aanvaarding is erken as 'n aanpassing aan die openingsaldo van behoue verdienste soos op 1 April 2018. Die aanvanklike toepassing van IFRS 9 het nie 'n noemenswaardige uitwerking op die groep gehad nie. Die spesifieke uitwerkings met betrekking tot klassifikasie en meting, waardedalingstoelae en verskansings word hieronder uiteengesit.

Klassifikasie en meting

Die groep het 'n styging van VS$838m in behoue verdienste erken as 'n oordrag van ander reserwes. Dit hou verband met die uitwerking van IFRS 9 op sy geassosieerde Tencent Holdings Limited. Die uitwerking hou verband met kumulatiewe netto winste op beleggings wat as beskikbaar-vir-verkoop bates ingevolge IAS 39 geklassifiseer was en wat nou aangegee word as finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies ingevolge IFRS 9.

2. GRONDSLAG VIR AANBIEDING EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

IFRS 9 *Finansiële Instrumente* (vervolg)

Klassifikasie en meting (vervolg)

Ingevolge IAS 39 het die groep ekwititeitsbeleggings vantevore as beskikbaar-vir-verkoop beleggings geklassifiseer, met veranderinge in billike waarde wat in ander omvattende inkomste weergegee is. Met verkoop of waardedaling is kumulatiewe veranderinge in billike waarde wat in ander omvattende inkomste weergegee is, herklassifiseer na die inkomstestaat. Daarby is sekere beskikbaar-vir-verkoop beleggings teen kosprys gemeet aangesien hul billike waarde nie met genoegsame betroubaarheid gemeet kon word nie. Dié beleggings is egter nie beduidend vir die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate nie en hul hermeting na billike waarde met die oorgang na IFRS 9 was onbeduidend. Die groep het dié beleggings as finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste ingevolge IFRS 9 aangewys. IFRS 9 laat nie die herklassifikasie van kumulatiewe veranderinge in billike waarde na die inkomstestaat toe met verkoop of waardedaling nie. Daarby laat IFRS 9 nie meer kostemeting toe wanneer billike waarde nie met genoegsame betroubaarheid gemeet kan word nie. Die groep herklassifiseer gevolglik, sedert die aanvaarding van IFRS 9, nie meer die kumulatiewe veranderinge in billike waarde op dié beleggings na die inkomstestaat met verkope of waardedaling nie, maar dra dié kumulatiewe veranderinge met die verkoop van 'n belegging na behoue verdienste oor.

Waardedaling

Die aanvaarding van IFRS 9 se waardedalingsmodel het gelei tot 'n styging in waardedalingstoelatings op handelsdebiteure vanweë die vereiste dat vooruitskouende inligting oorweeg moet word wanneer waardedalingstoelae bepaal word. Die kumulatiewe netto uitwerking op die groep was dat die waardedalingstoelae op handelsdebiteure met VS$14m gestyg het en sy behoue verdienste met 'n ooreenstemmende VS$14m gedaal het. Die uitwerking van aanvaarding hou grootliks verband met die groep se Videovermaak-onderneming, wat aangegee is as 'n beëindigde bedrywigheid (verwys na aantekening 4), aangesien die toepassing van IFRS 9 nie 'n noemenswaardige uitwerking op die groep se ander bedrywighede gehad het nie.

Verskansing

IFRS 9 het nie 'n beduidende uitwerking op die groep se praktyke vir verskansing gehad nie en gevolglik is praktyke wat voorheen gegeld het, voortgesit.

IFRIC 22 *Buitelandsevaluta-transaksies en Vooruitbetaalde/Ontvange Vergoeding*

IFRIC 22 maak dit duidelik dat nie-monetêre bates en laste uit die vooruitbetaling of ontvang van vergoeding (bv voorafbetaalde uitgawes en uitgestelde inkomste) nie weer omgereken mag word na die entiteit se funksionele geldeenheid nadat dit aanvanklik erken is nie. Die groep het IFRIC 22 vooruitskouend toegepas, met die uitwerking van aanvaarding wat erken is as 'n aanpassing tot die openingsaldo van behoue verdienste soos op 1 April 2018.

Die uitwerking van aanvaarding was 'n styging van VS$10m in voorafbetaalde uitgawes, 'n daling van VS$4m in uitgestelde inkomste en 'n ooreenstemmende styging van VS$14m in behoue verdienste. Die uitwerking van aanvaarding hou grootliks verband met die groep se Videovermaak-onderneming, wat as 'n beëindigde bedrywigheid geklassifiseer is (verwys na aantekening 4), aangesien die aanvanklike toepassing van IFRIC 22 nie 'n noemenswaardige uitwerking op die groep se ander bedrywighede gehad het nie.

2. GRONDSLAG VIR AANBIEDING EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Die impak van die aanvaarding van bogenoemde rekeningkundige standaarde tydens die huidige jaar word in die volgende tabelle aangetoon:

	Voorheen gerapporteer 2018 VS$'m	Verandering in rekeningkundige beleid[1] 2018 VS$'m	**Herstateer 2018 VS$'m**	Verteenwoordig deur: Voortgesette bedrywighede VS$'m	Beëindigde bedrywighede VS$'m
INKOMSTESTAAT (uittreksel)					
Omset uit kontrakte met kliënte	6 660	(3)	**6 657**	2 985	3 672
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	(2 786)	4	**(2 782)**	(1 728)	(1 054)
Bedryfsverlies	(198)	1	**(197)**	(659)	462
Wins voor belasting	11 658	1	**11 659**	11 179	480
Wins vir die jaar	11 298	1	**11 299**	11 109	190
Wins toeskryfbaar aan:					
Aandeelhouers van die groep	11 357	1	**11 358**	11 245	113
Nie-beherende belang	(59)	–	**(59)**	(136)	77
	11 298	1	**11 299**	11 109	190
Kernwesensverdienste vir die jaar	2 507	1	**2 508**	2 388	120
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)					
Basies	581	–	**581**	553	28
Verwater	568	–	**568**	540	28
Verdienste vir die jaar	11 357	1	**11 358**	11 245	113
Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)					
Basies	2 631	–	**2 631**	2 604	27
Verwater	2 612	–	**2 612**	2 585	27
Wesensverdienste vir die jaar	1 794	1	**1 795**	1 670	125
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)					
Basies	416	–	**416**	387	29
Verwater	403	–	**403**	374	28

[1] Verteenwoordig die impak van aanvaarding van IFRS 15.

vir die jaar tot 31 Maart

2. GRONDSLAG VIR AANBIEDING EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

	Voorheen gerapporteer 2018 VS$'m	Verandering in rekeningkundige beleid[1] 2018 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m
STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE (uittreksel)			
Wins vir die jaar	11 298	1	**11 299**
Ander omvattende inkomste vir die jaar	1 742	–	**1 742**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	13 040	1	**13 041**
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	13 025	1	**13 026**
Nie-beherende belang	15	–	**15**
	13 040	1	**13 041**

[1] Verteenwoordig die impak van aanvaarding van IFRS 15.

Soos op 31 Maart 2018

	Voorheen gerapporteer 2018 VS$'m	Verandering in rekeningkundige beleid[1] 2018 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m
STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (uittreksel)			
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die groep se aandeelhouers	25 522	1	**25 523**
Aandelekapitaal en -premie	4 965	–	**4 965**
Ander reserwes	425	–	**425**
Behoue verdienste	20 132	1	**20 133**
Nie-beherende belang	169	–	**169**
TOTALE EKWITEIT	25 691	1	**25 692**
Nie-bedryfslaste	5 623	–	**5 623**
Bedryfslaste	4 137	(1)	**4 136**
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	3 163	(1)	**3 162**
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	35 451	–	**35 451**

[1] Verteenwoordig die impak van aanvaarding van IFRS 15.

vir die jaar tot 31 Maart

2. GRONDSLAG VIR AANBIEDING EN REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

	Soos op 1 April		
	Herstateer 2018 VS$'m	Verandering in rekening-kundige beleid[1] 2018 VS$'m	Herstateer 2018 VS$'m
AANPASSINGS AAN DIE OPENINGSALDO'S VAN DIE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (uittreksel)			
BATES			
Nie-bedryfsbates	22 386	–	**22 386**
Bedryfsbates	13 065	(4)	**13 061**
Handelsdebiteure	452	(14)	**438**
Ander debiteure en lenings	762	10	**772**
TOTALE BATES	35 451	(4)	**35 447**
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die groep se aandeelhouers	25 523	–	**25 523**
Aandelekapitaal en -premie	4 965	–	**4 965**
Ander reserwes	425	(838)	**(413)**
Behoue verdienste	20 133	838	**20 971**
Nie-beherende belang	169	–	**169**
TOTALE EKWITEIT	25 692	–	**25 692**
Nie-bedryfslaste	5 623	–	**5 623**
Bedryfslaste	4 136	(4)	**4 132**
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	3 162	(4)	**3 158**
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	35 451	(4)	**35 447**

[1] IFRS 15 is op 'n terugwerkende grondslag aanvaar en daarom is die staat van finansiële posisie op 31 Maart 2018 reeds vir die uitwerking daarvan aangepas.

[2] Verteenwoordig die impak van aanvaarding van IFRS 9 en IFRIC 22 soos op 1 April 2018.

3. ONAFHANKLIKE OUDIT

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate is geouditeer deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC). Die individuele ouditeur wat aangewys is om die oudit uit te voer, is Brendan Deegan. PwC se ongekwalifiseerde ouditverslae oor die gekonsolideerde finansiële jaarstate en die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart 2019 is ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar. Die ouditeursverslag dek nie noodwendig al die inligting wat in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vervat is nie. Om 'n volledige begrip van die aard van die ouditeur se werk te kry, word aandeelhouers aangeraai om 'n afskrif van die ouditeursverslag saam met die gekonsolideerde finansiële jaarstate by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te kry. Hierdie dokumente sal vanaf 21 Junie 2019 by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar wees. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sal op of om en by 24 Junie 2019 by **www.naspers.com** beskikbaar wees.

vir die jaar tot 31 Maart

4. WINS VANUIT BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE

Die groep het die vervreemding van sy filiaal MultiChoice Group Limited (MultiChoice Group) in Februarie 2019 voltrek (verwys na aantekening 13). Die bates en laste van MultiChoice Group is in September 2018 as gehou vir verkoop geklassifiseer. Die resultate en kontantvloei van die groep se Videovermaak-segment is in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate as beëindigde bedrywighede weergegee. Beëindigde bedrywighede sluit ook die groep se intekeninggebaseerde video-op-aanvraag-diens in Pole in wat einde Januarie 2019 gesluit is.

	2019 VS$'m	Herstateer[1] 2018 VS$'m
INKOMSTESTAAT-INLIGTING VANUIT BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE		
Omset uit kontrakte met kliënte	**3 321**	3 672
Uitgawes	**(2 851)**	(3 192)
Wins voor belasting	**470**	480
Belasting	**(200)**	(290)
Wins vir die jaar	**270**	190
Wins uit die verkoop van beëindigde bedrywighede	**2 489**	–
Wins uit beëindigde bedrywighede	**2 759**	190
Wins uit beëindigde bedrywighede toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**2 683**	113
Nie-beherende belang	**76**	77
	2 759	190
Omset uit kontrakte met kliënte		
Omset uit beëindigde bedrywighede bestaan uit:		
Intekening-omset	**2 750**	2 982
Advertensie-omset	**211**	239
Verkope van hardeware en omset uit onderhoud	**171**	192
Tegnologie-omset	**98**	128
Omset uit sublisensies en heraansluitingsgelde	**63**	71
Ander omset	**28**	60
Omset uit kontrakte met kliënte	**3 321**	3 672

[1] *Verteenwoordig die impak van aanvaarding van IFRS 15.*

vir die jaar tot 31 Maart

4. WINS VANUIT BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE (vervolg)

	2019 VS$'m	2018 VS$'m
INLIGTING OOR DIE KONTANTVLOEISTATE VAN BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE		
Netto kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**344**	245
Netto kontant aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(63)**	(60)
Netto kontant gegenereer uit finansieringsaktiwiteite	**20**	102
Kontant geskep deur beëindigde bedrywighede	**301**	287
INLIGTING PER AANDEEL WAT MET BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE VERBAND HOU		
Kernwesensverdienste vir die jaar (VS$'m)	**308**	120
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)	**71**	28
Verwaterde kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)	**71**	28
Wesensverdienste vir die jaar (VS$'m)	**216**	125
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)	**50**	29
Verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)	**50**	28
Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)	**621**	27
Verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)	**618**	27
Netto getal aandele uitgereik ('000)		
– Aan die einde van die jaar	**432 200**	432 126
– Geweegde gemiddelde vir die jaar	**432 202**	431 635
– Verwaterde geweegde gemiddelde	**434 060**	433 003

vir die jaar tot 31 Maart

5. WESENSVERDIENSTE EN KERNWESENSVERDIENSTE

	Voortgesette bedrywig-hede 2019 VS$'m	Beëindigde bedrywig-hede 2019 VS$'m
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	4 218	2 683
Aangepas vir:		
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	1	21
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	7	3
– verlies met verkoop van bates	2	1
– wins met verkrygings en verkoop van beleggings	(1 621)	(2 489)
– hermeting van belange wat voorheen gehou is	(7)	–
– verwateringsverlies op ekwiteitsverantwoorde beleggings	182	–
– hermetings ingesluit in ekwiteitsverantwoorde verdienste	695	–
– waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	88	–
	3 565	219
Totale belastinguitwerking van aanpassings	175	–
Totale aanpassing vir nie-beherende belang	(21)	(3)
Wesensverdienste	3 719	216
Aangepas vir:		
– aandeelvereffende aandeelskemakoste	561	13
– aanvanklike erkenning van belastingverliese van vorige jare	(36)	–
– amortisasie van ander tasbare bates	295	2
– billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	(1 570)	77
– retensie-opsie-uitgawe	11	–
– verliese wat met besigheidsamevoegings verband hou	20	–
Kernwesensverdienste	3 000	308

Die syfers vir verwaterde verdienste, wesensverdienste en kernwesensverdienste per aandeel, aangebied in die inkomstestaat, sluit 'n afname van VS$47m in wat verband hou met die toekomstige verwateringsimpak van potensiële gewone aandele uitgereik deur ekwiteitsverantwoorde beleggings en filiale.

vir die jaar tot 31 Maart

5. WESENSVERDIENSTE EN KERNWESENSVERDIENSTE (vervolg)

	Voortgesette bedrywig-hede 2018 VS$'m	Beëindigde bedrywig-hede 2018 VS$'m
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	11 245	113
Aangepas vir:		
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	24	15
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	4	–
– wins met verkoop van bates	–	(1)
– verlies met verkrygings en verkoop van beleggings	95	–
– hermeting van belange wat voorheen gehou is	(21)	–
– verwateringswins op ekwiteitsverantwoorde beleggings[1]	(9 216)	–
– hermetings ingesluit in ekwiteitsverantwoorde verdienste	(526)	2
– waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	46	–
	1 651	129
Totale belastinguitwerking van aanpassings	20	(2)
Totale aanpassing vir nie-beherende belang	(1)	(2)
Wesensverdienste	1 670	125
Aangepas vir:		
– aandeelvereffende aandeelskemakoste	425	10
– amortisasie van ander ontasbare bates	187	3
– billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	79	(19)
– retensie-opsie-uitgawe	7	1
– verliese wat met besigheidsamevoegings verband hou	20	–
Kernwesensverdienste	2 388	120

[1] Sluit die wins in wat erken is met die verkoop van 'n 2%-belang in Tencent Holdings Limited.

Die syfers vir verwaterde verdienste, wesensverdienste en kernwesensverdienste per aandeel, aangebied in die inkomstestaat, sluit 'n afname van VS$49m in wat verband hou met die toekomstige verwateringsimpak van potensiële gewone aandele uitgereik deur ekwiteitsverantwoorde beleggings en filiale.

vir die jaar tot 31 Maart

6. OMSET UIT KONTRAKTE MET KLIËNTE

	Rapporteerbare segment(e) waar omset ingesluit is	2019 VS$'m	2018 VS$'m
Omset uit aanlyn verkope van goedere	Geklassifiseerde Advertensies en e-Kleinhandel	1 481	1 245
Omset uit die lys van geklassifiseerde advertensies	Geklassifiseerde Advertensies	623	491
Kommissies en gelde uit betalingstransaksies	Betalings en Fintech	308	255
Omset uit mobiele en ander inhoud	Ander e-handel	159	142
Omset uit kosaflewering	Kosaflewering	159	115
Omset en kommissie uit reispakkette	Reis	27	53
Advertensie-omset	Verskeie	229	241
Kommissies en gelde uit prysvergelykings	Ander e-handel	45	59
Omset uit drukwerk, verspreiding, sirkulasie, publikasie en intekeninge	Media	145	284
Ander omset	Verskeie	115	100
		3 291	2 985

Omset word in die groep se segmentele oorsig op die grondslag van ekonomiese belang weergegee (dus met 'n proporsionele konsolidasie van die omset van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings ingesluit), en is gevolglik nie regstreeks vergelykbaar met bostaande gekonsolideerde omsetsyfers nie.

7. RENTE ONTVANG/(BETAAL)

	2019 VS$'m	2018 VS$'m
Rente ontvang	284	52
– lenings en bankrekeninge	283	49
– ander	1	3
Rente betaal	(205)	(197)
– lenings en bankoortrekkings	(201)	(193)
– ander	(4)	(4)
Ander netto finansieringsinkomste/(-koste)	130	(379)
– netto valutaverskille en billikewaarde-aansuiwerings op afgeleide finansiële instrumente	77	(127)
– hermeting van verkoopopsie-verpligtinge	53	(252)

vir die jaar tot 31 Maart

8. WINS VOOR BELASTING

Afgesien van die items reeds toegelig, is wins voor belasting bepaal nadat, onder meer, die volgende in ag geneem is:

	2019 VS$'m	2018 VS$'m
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	**35**	31
Amortisasie	**111**	111
– ander ontasbare bates	**94**	97
– sagteware	**17**	14
Waardedalingsverliese erken op finansiële bates wat teen geamortiseerde koste gemeet word	**18**	15
Netto realiseerbare waarde-aanpassings van voorraad, netto van terugskrywings[1]	**28**	8
Ander netto (verliese)/winste	**(38)**	(32)
– (verlies)/wins met verkoop van bates	**(2)**	1
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**(7)**	(4)
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**(1)**	(24)
– dividende ontvang van beleggings	**4**	1
– billikewaarde-aansuiwerings op finansiële instrumente	**(27)**	(6)
– ander	**(5)**	–
Winste uit verkrygings en verkope	**1 609**	(93)
– wins/(verlies) met verkoop van beleggings	**1 618**	(91)
– hermeting van voorwaardelike teenprestasie	**3**	(5)
– verkryginsverwante koste	**(19)**	(18)
– hermeting van belange wat voorheen gehou is	**7**	21

[1] *Netto realiseerbare waarde-aanpassings hou grootliks verband met algemene voorraadafskrywings in die e-Kleinhandelsegment.*

vir die jaar tot 31 Maart

9. EKWITEITSVERANTWOORDE RESULTATE

Die groep se ekwiteitsverantwoorde beleggings het soos volg tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate bygedra:

	2019 VS$'m	2018 VS$'m
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	**3 410**	3 285
– verkoop van nie-bedryfsbates	**–**	2
– wins met verkrygings en verkope	**(126)**	(692)
– waardedaling van beleggings	**799**	162
Bydrae tot wesensverdienste	**4 083**	2 757
– amortisasie van ander ontasbare bates	**236**	135
– aandeelvereffende aandeelskemakoste	**535**	385
– billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	**(1 499)**	(224)
Bydrae tot kernwesensverdienste	**3 355**	3 053
Tencent	**3 587**	3 288
Mail.ru	**15**	37
MakeMyTrip	**(49)**	(76)
Delivery Hero	**(55)**	(17)
Ander	**(143)**	(179)

Die groep pas 'n gepaste naloopperiode toe in die verslagdoening van die resultate van ekwiteitsverantwoorde beleggings waarvan die jaareindes nie met dié van Naspers Beperk ooreenstem nie.

10. KLANDISIEWAARDE

Klandisiewaarde is aan 'n jaarlikse evaluering van waardedaling onderworpe. Bewegings in die groep se klandisiewaarde vir die jaar word hieronder toegelig:

	2019 VS$'m	2018 VS$'m
Klandisiewaarde		
– kosprys	**2 961**	2 790
– opgelope waardedaling	**(354)**	(348)
Openingsaldo	**2 607**	2 442
– valuta-omrekeningsverskille	**(292)**	41
– verkrygings van filiale en besighede	**105**	124
– vervreemdings van filiale en besighede	**(7)**	–
– oorgedra na bates geklassifiseer as gehou vir verkoop[1]	**(287)**	–
– waardedaling	**(6)**	–
Sluitingsaldo	**2 120**	2 607
– kosprys	**2 360**	2 961
– opgelope waardedaling	**(240)**	(354)

[1] *Bates wat geklassifiseer is as gehou vir verkoop sluit die bates van MultiChoice Group in wat in September 2018 geklassifiseer is as gehou vir verkoop en sedertdien aan aandeelhouers uitgekeer is (verwys na aantekening 13).*

vir die jaar tot 31 Maart

11. VERPLIGTINGE EN VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Verpligtinge hou verband met bedrae waarvoor die groep gekontrakteer het, maar wat nog nie as verpligtinge in die staat van finansiële posisie erken is nie.

	2019 VS$'m	2018 VS$'m
Verpligtinge[1]	**327**	3 537
– kapitaalbesteding	**19**	17
– program- en rolprentregte	**–**	2 906
– netwerk- en ander diensverpligtinge	**26**	104
– bedryfshuurverpligtinge	**282**	327
– dekodeerderverpligtinge	**–**	183

[1] *Die groep is onderhewig aan verpligtinge wat ontstaan in die gewone loop van sake doen. Die groep beoog om dié verpligtinge uit bestaande fasiliteite en intern gegenereerde fondse te finansier. Verpligtinge vir program- en rolprentregte en dekodeerders in die vorige jaar hou verband met MultiChoice Group, wat gedurende die jaar aan aandeelhouers uitgekeer is (verwys na aantekening 13).*

Die groep is in 'n groot aantal jurisdiksies bedrywig en betaal belasting in die lande waarin hy sake doen. In sekere jurisdiksies bestaan onsekerheid oor of sekere transaksies of betalings aan belasting onderhewig is. In dié lande win die groep deurentyd toepaslike advies in en werk saam met adviseurs om sodanige belastingblootstelling te identifiseer en/of te kwantifiseer. Ons huidige raming van moontlike belastingblootstelling, insluitend boetes en rente, beloop nagenoeg VS$22.0m (2018: VS$226.1m). Geen voorsiening is teen 31 Maart 2019 (en 2018) vir dié moontlike blootstelling gemaak nie. Die daling in die lopende jaar se moontlike belastingblootstelling hou grootliks verband met die uitkering van MultiChoice Group aan aandeelhouers (verwys na aantekening 13).

Daarbenewens het die groep 'n voorwaardelike bate van VS$177.0m (2018: VS$nul) wat verband hou met ontvangbare bedrae van belastingowerhede.

vir die jaar tot 31 Maart

12. VERVREEMDINGSGROEPE GEKLASSIFISEER AS GEHOU VIR VERKOOP

Die groep het sy belang in MultiChoice Group Limited (MultiChoice Group) gedurende die jaar aan aandeelhouers uitgekeer (verwys na aantekening 13). As gevolg van dié transaksie het ekwiteitsgebaseerde vergoedingskemas en ander groepentiteite wat Naspers Beperk N- gewone aandele (as tesourie-aandele) ten tyde van die uitkering gehou het, aandele in MultiChoice Group ontvang. Die groep het 'n deel van hierdie MultiChoice Group-aandele, met 'n billike waarde van VS$50.7m, op 31 Maart 2019 as gehou vir verkoop geklassifiseer aangesien die groep hom daartoe verbind het om die aandele binne 12 maande vanaf die einde van die huidige verslagdoeningstydperk te verkoop. Die deel van die MultiChoice Group-aandele wat nié geklassifiseer is as gehou vir verkoop nie, word weergegee as deel van "Ander beleggings en lenings" in die staat van finansiële posisie.

Die bates en laste van die groep se filiaal Netrepreneur Connections Enterprises, Inc. (Sulit) is ook gedurende die jaar as gehou vir verkoop geklassifiseer aangesien die groep 'n ooreenkoms onderteken het om dié belegging by te dra tot Carousell Private Limited (Carousell) in ruil vir 'n ekwiteitsbelang in Carousell (verwys na aantekening 16).

Die bates en laste wat op 31 Maart 2019 as gehou vir verkoop geklassifiseer is, word in die tabel hieronder toegelig:

	2019 VS$'m	2018 VS$'m
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	67	–
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	13	–
Beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	51	–
Handels- en ander debiteure	2	–
Kontant en kontantekwivalente	1	–
Laste geklassifiseer as gehou vir verkoop	2	–
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	2	–

vir die jaar tot 31 Maart

13. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS, ANDER VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS

In Augustus 2018 het die groep VS$60m belê vir 'n 100% effektiewe en ten volle verwaterde belang in die uitgereikte aandelekapitaal van Zooz Mobile Limited (Zooz), 'n bestuurder en verskaffer van optimaliseringsbetalings in Israel. Die transaksie is as 'n besigheidsamevoeging verantwoord, met 'n effektiewe datum van Augustus 2018. Die koopprys is as volg saamgestel: kontant en deposito's van VS$2m; handels- en ander debiteure van VS$1m; ontasbare bates van VS$22m; handels- en ander krediteure van VS$1m; leningsaanspreeklikhede van VS$1m; aanspreeklikheid vir uitgestelde belasting van VS$5m; en die balans van VS$42m aan klandisiewaarde. Die hooftipes ontasbare bates wat in die besigheidsamevoeging erken is, is tegnologie en kliënteverhoudinge.

In Desember 2018 het die groep VS$36m belê vir 'n effektiewe belang van 69% (65% ten volle verwater) in die uitgereikte aandelekapitaal van Aasaanjobs Private Limited (Aasaanjobs), 'n aanlyn werwingswebwerf in Indië. Die transaksie is as 'n besigheidsamevoeging verantwoord, met 'n effektiewe datum van Desember 2018. Die koopprys is as volg saamgestel: kontant en deposito's van VS$23m; handels- en ander debiteure van VS$1m; ontasbare bates van VS$5m; handels- en ander krediteure van VS$3m; aanspreeklikheid vir uitgestelde belasting van VS$2m; en die balans van VS$13m aan klandisiewaarde. Die hooftipes ontasbare bates wat in die besigheidsamevoeging erken is, is kliënteverhoudinge en handelsname.

Sedert die verkrygingsdatums van bogenoemde besigheidsamevoegings is omset van VS$1m en netto verliese van VS$9m in die inkomstestaat ingesluit. Indien die omset en netto verliese van bogenoemde besigheidsamevoegings vanaf 1 April 2018 ingesluit sou wees, sou groepomset vanuit voortgesette bedrywighede en netto groepwins vanuit voortgesette bedrywighede onderskeidelik VS$3.29mjd en VS$4.15mjd beloop het.

Die grootste bydraende faktor tot die klandisiewaarde wat in hierdie verkrygings erken is, is hul markteenwoordigheid. Hierdie klandisiewaarde sal na verwagting nie vir belastingdoeleindes aftrekbaar wees nie. Totale verkrygingsverwante koste van VS$2m is as deel van "(Verlies)/wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat in verband met bogenoemde verkrygings erken.

In April 2018 het die groep die aandelekapitaal wat nie-beherende aandeelhouers van sy filiaal Dubizzle Limited (Dubizzle) gehou het, vir VS$190m bekom. Die transaksie het gelei tot die skikking van 'n verkoopopsie-verpligting oor die nie-beherende belang in Dubizzle asook die onterkenning van die nie-beherende belang in dié onderneming. Ná die verkryging besit die groep 'n effektiewe en ten volle verwaterde belang van 100% in Dubizzle.

In Augustus 2018 het die groep se filiaal Letgo Global B.V. (voorheen bekend as Ambatana Holdings B.V.) die aandelekapitaal wat nie-beherende aandeelhouers van Letgo USA B.V. gehou het, vir VS$189m bekom. Die transaksie het tot gevolg gehad dat 'n verkoopopsie-verpligting oor die nie-beherende belang in die onderneming geskik is en dat die verwante nie-beherende belang in die onderneming onterken is. Ná 'n befondsingsrondte van VS$150m in Junie 2018 het die groep se belang in Letgo Global B.V. van 'n effektiewe 73.4% op 31 Maart 2018 tot 80% (77% ten volle verwater) op 31 Maart 2019 gestyg.

In Januarie 2019 het die groep die aandelekapitaal wat nie-beherende aandeelhouers van sy filiaal Avito AB (Avito) gehou het, vir VS$1.16mjd bekom. Die transaksie het tot gevolg gehad dat 'n verkoopopsie-verpligting oor die nie-beherende belang in Avito geskik is en dat die nie-beherende belang in die onderneming onterken is. Ná die verkryging besit die groep 'n effektiewe belang van 100% (99.5% ten volle verwater) in Avito.

13. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS, ANDER VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS (vervolg)

In Maart 2019 het die groep 'n bykomende belang in sy filiaal Silver Indonesia JVCo B.V. (Silver Indonesia) van nie-beherende aandeelhouers vir VS$46m bekom. Ná die verkryging besit die groep 'n effektiewe belang van 66% in Silver Indonesia.

Die volgende hou verband met die groep se beleggings in ekwiteitsverantwoorde maatskappye:

In Mei 2018 het die groep VS$35m belê vir 'n effektiewe belang van 16% (15% ten volle verwater) in Honor Technology, Inc. (Honor), 'n maatskappy wat omvattende tuisversorgingsdienste aan ouer volwassenes in die VSA lewer. Die groep het sy belang verantwoord as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy.

In Mei 2018 het die groep VS$89m belê vir 'n effektiewe belang van 36% (35% ten volle verwater) in Frontier Car Group, Inc. (Frontier Car Group), 'n aanlyn motorverkoopdiens met sy hoofkantoor in Berlyn wat tans in agt lande werksaam is. Die groep het sy belang verantwoord as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy. Die groep het ook in Februarie 2019 'n samewerkingsooreenkoms met Frontier Car Group in Indië gesluit deur 'n belegging van VS$25m in die groep se filiaal India Used Car Group B.V.

In Julie 2018 het die groep 'n bykomende VS$12m belê in PaySense Private Limited (PaySense), 'n tegnologieplatform wat aan Indiese verbruikers toegang tot krediet verskaf gegrond op 'n model van alternatiewe-databesluitneming. Ná die verkryging besit die groep 'n effektiewe belang van 19% (17% ten volle verwater) in PaySense. Die groep verantwoord nou sy belang in PaySense as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy.

In Julie 2018 het die groep 'n bykomende VS$79m belê in Bundl Technologies Private Limited (Swiggy), 'n vooraanstaande aanlyn platform vir kosbestelling en -aflewering in Indië, gevolg deur 'n verdere belegging van VS$637m in Januarie 2019. Ná hierdie beleggings besit die groep 'n effektiewe belang van 39% (35% ten volle verwater) in Swiggy. Die groep verantwoord sy belang in Swiggy as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy.

In Desember 2018 het die groep VS$383m belê in Think & Learn Private Limited (BYJU'S) vir 'n effektiewe en ten volle verwaterde belang van 12% in Indië se grootste opvoedingsmaatskappy en die skepper van die land se grootste app vir verpersoonlikte leer. Die groep verantwoord sy belang as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy.

Die volgende hou verband met beduidende vervreemdings deur die groep oor die verslagdoeningstydperk:

Gedurende Mei 2018 het die groep aangekondig dat hy sy effektiewe belang van 12% (11% ten volle verwater) in Flipkart Limited, sy ekwiteitsverantwoorde e-Kleinhandelbelegging in Indië, aan die Amerikaanse kleinhandelaar Wal-Mart International Holdings, Inc. vir VS$2.2mjd verkoop het (ingesluit toepaslike terughoubelasting en bedrae in bewaring gehou). Bedrae in bewaring gehou is as deel van "Ander debiteure en lenings" in die staat van finansiële posisie weergegee. Die transaksie is in Augustus 2018 ná regulatoriese goedkeuring voltrek. 'n Wins met verkoop van VS$1.6mjd is in die inkomstestaat erken as deel van "Wins/(verlies) met verkrygings en verkope". Dié wins sluit die herklassifikasie van 'n buitelandsevaluta-omrekeningsreserwe van VS$97m na die inkomstestaat in. Verwante inkomstebelasting van VS$177m is as deel van "Belasting" in die inkomstestaat ingesluit.

In September 2018 het die groep die verkoop van sy 52%-belang in Tek Travels Private Limited, sy aanlyn sake-tot-sake-(B2B)reisverspreidingsonderneming, vir VS$37m voltrek. 'n Wins met verkoop van VS$6m is as deel van "Wins/(verlies) met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken.

13. BESIGHEIDSAMEVOEGINGS, ANDER VERKRYGINGS EN VERVREEMDINGS (vervolg)

Ná die notering van MultiChoice Group Limited (MultiChoice Group) op die JSE in Februarie 2019, het die groep sy aandele in sy Videovermaak-segment op 'n pro rata- en in spesie-grondslag aan aandeelhouers uitgekeer. MultiChoice Group en, gevolglik, die groep se Videovermaak-segment, word as 'n beëindigde bedrywigheid in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate weergegee (verwys na aantekening 4). Die groep het danksy die uitkering 'n wins van VS$2.49mjd as deel van "Wins vanuit beëindigde bedrywighede" in die inkomstestaat erken. Dit verteenwoordig die verskil tussen die billike waarde van die MultiChoice Group-aandele wat uitgekeer is, gemeet deur die genoteerde aandeelprys te gebruik, en die boekwaarde van die netto bates wat onterken is. Die wins wat erken is, is netto van die herklassifisering van reserwes (grootliks buitelandsevaluta-omrekenings en verskansingsreserwes) van VS$546m (verliese) na die inkomstestaat ná afloop van die uitkering.
Die uitkering het behoue verdienste met VS$3.83mjd verminder, gegrond op die billike waarde van die MultiChoice Group-aandele soos op die uitkeringsdatum. Met die berekening van die billike waarde het die groep bepaal dat die aandeelprys van MultiChoice Group vir die eerste 15 handelsdae nie 'n ordelike transaksie verteenwoordig nie vanweë die handelsvolumes in dié tydperk en omdat daar voor die metingsdatum geen blootstelling aan die mark was nie. Gevolglik het die groep die 15-dae-volumegeweegde gemiddelde aandeelprys van MultiChoice Group gebruik en die eerste 15 handelsdae uitgesluit omdat dit as meer verteenwoordigend beskou is as die billike waarde van MultiChoice Group in 'n ordelike transaksie. Dit is gevolglik 'n vlak 2-meting van billike waarde.

14. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die billike waardes van die groep se finansiële instrumente wat op elke verslagdoeningsdatum teen billike waarde gedra word, word as volg geklassifiseer:

		Billikewaarde-metings op 31 Maart 2019 gegrond op:		
	Drawaarde VS$'m	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m	Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) VS$'m
Bates				
Finansiële bates teen billike waarde deur ander omvattende inkomste[1]	122	73	3	46
Valutatermynkontrakte	4	–	4	–
Afgeleide instrumente vasgelê in huurkontrakte	1	–	–	1
Laste				
Valutatermynkontrakte	3	–	3	–
Voorwaardelike teenprestasie	7	–	–	7
Kruisvalutaruilooreenkoms	33	–	33	–

[1] Sluit bates in wat as gehou vir verkoop geklassifiseer is.

14. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

		Billikewaarde-metings op 31 Maart 2018 gegrond op:		
	Drawaarde VS$'m	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m	Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) VS$'m
Bates				
Beskikbaar-vir-verkoop beleggings	35	33	2	–
Valutatermynkontrakte	9	–	9	–
Afgeleide instrumente vasgelê in huurkontrakte	1	–	–	1
Wisselkoers-verswakkingsklousules	2	–	–	2
Laste				
Valutatermynkontrakte	162	–	162	–
Voorwaardelike teenprestasie	58	–	–	58
Kruisvaluta- en rentekoers-ruilooreenkomste	124	–	124	–

Daar was gedurende die verslagdoeningstydperk geen oordragte tussen vlak 1 of 2 nie en daar was ook geen beduidende veranderinge aan die waardasietegnieke of die insette wat gebruik word vir die berekening van billike waarde nie.

Wisselkoers-verswakkingsklousules hou verband met klousules in program-aankoopooreenkomste in die Videovermaak-onderneming wat aan die groep beskerming teen wesentlike wisselkoers-verswakkings verleen. Die groep het MultiChoice Group in die huidige jaar aan aandeelhouers uitgekeer (verwys na aantekening 13). Die billike waarde van wisselkoersverswakkingsklousules word gemeet deur gebruik te maak van verdiskonteerde kontantvloeitegnieke.

Vir voorwaardelike teenprestasie verpligtinge is huidige vooruitskattings gebruik van die mate waarin bestuur glo daar sal aan prestasiekriteria voldoen word, met verdiskonteringskoerse wat die tydwaarde van geld en kontrakspesifieke uitverdien-betalings weerspieël. Veranderinge in hierdie aannames kan die aangetoonde billike waarde van dié finansiële instrumente beïnvloed.

Die billike waarde van vlak 2- finansiële instrumente word bepaal deur die gebruik van wisselkoerse wat in aktiewe markte gekwoteer word en deur rentekoerse te gebruik wat uit waarneembare opbrengskrommes verkry word.

14. FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)

Die groep openbaar die billike waardes van die onderstaande finansiële instrumente, aangesien hul drawaardes nie 'n redelike aanduiding van hul billike waarde is nie:

Finansiële verpligtinge	Drawaarde VS$'m	Billike waarde VS$'m
31 Maart 2019		
Genoteerde effekte	**3 200**	**3 350**
31 Maart 2018		
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge[1]	1 158	1 125
Genoteerde effekte	3 200	3 357

[1] Hou grootliks verband met MultiChoice Group wat gedurende die jaar aan aandeelhouers uitgekeer is (verwys na aantekening 13).

Die billike waarde van die gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge is bepaal deur verdiskonteerde kontantvloei-analise.

Die billike waarde van genoteerde effekte is bepaal met verwysing na die genoteerde pryse van die instrumente aan die einde van die verslagdoeningsdatum.

15. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES EN -SALDO'S

Die groep het in die gewone loop van sake verskeie verwanteparty-transaksies gesluit. Daar was geen beduidende veranderinge in verwanteparty-transaksies en -saldo's sedert die vorige verslagdoeningstydperk nie.

16. GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK

In April 2019 het die groep 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van sy filiaal Netrepreneur Connections Enterprises, Inc. (Sulit), sowel as kontant, gesamentlik ter waarde van VS$56.1m, aan Carousell Private Limited (Carousell) oorgedra in ruil vir 'n belang van 12% (10% ten volle verwater) in Carousell, een van Asië se grootste en vinnigste-groeiende geklassifiseerdeadvertensie-markplekke. Die maatskappye sal hul bedrywighede in die Filippyne saamsmelt, 'n proses wat na verwagting in die tweede helfte van die 2019-kalenderjaar voltrek sal word. Die groep sal sy belang in Carousell as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy klassifiseer vanweë sy verteenwoordiging op Carousell se direksie.

In April 2019 het die groep aangekondig hy gaan sy 43%-belang in sy geassosieerde maatskappy MakeMyTrip, 'n aanlyn reisonderneming, vir 'n belang van nagenoeg 6% in Ctrip.com International Limited (Ctrip), 'n bekende verskaffer van aanlyn reis- en verwante dienste met sy hoofkantoor in China, verruil. Die transaksie sal na verwagting in die tweede helfte van die 2019-kalenderjaar voltrek word en is onderhewig aan regulatoriese goedkeuring. Die groep sal sy belang in Ctrip as 'n belegging teen billike waarde klassifiseer.

In April 2019 het die groep 'n ooreenkoms gesluit om VS$70m te belê vir 'n effektiewe en ten volle verwaterde belang van 100% in Wibmo, Inc. (Wibmo). Wibmo is 'n digitalebetalingsmaatskappy wat sekuriteit vir betalings en oplossings vir mobiele betalings en verwerkingsdienste in Indië verskaf. Die transaksie is onderhewig aan regulatoriese goedkeuring. Die groep sal die verkryging van sy belang in Wibmo weergee as 'n besigheidsamevoeging en sal die belegging as 'n belegging in 'n filiaal klassifiseer.

vir die jaar tot 31 Maart

16. GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK (vervolg)

In Mei 2019 het die groep die verkoop van sy effektiewe belang van 100% in sy filiaal BuscaPé Company Informaçao Technologia Limitada aangekondig. Die transaksie is onderhewig aan regulatoriese goedkeuring.

In Junie 2019 het die groep 'n ooreenkoms geteken om nagenoeg VS$131m vir 'n 79%-effektiewe belang (85% ten volle verwater) in Iyzi Ödeme ve Elektronik Para Hizmetleri Anonim Şirketi (Iyzico), 'n vooraanstaande betalingsdiensverskaffer in Turkye, te belê. Die transaksie is onderhewig aan regulatoriese goedkeuring. Die groep sal die verkryging van sy belang in Iyzico weergee as 'n besigheidsamevoeging en sal die belegging as 'n belegging in 'n filiaal klassifiseer.

17. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING

Die groep het in die volgende tabelle sekere omset- en handelswinsaanwysers in plaaslike munt aangegee, uitgesluit die uitwerking van veranderinge in die samestelling van die groep (die pro forma- finansiële inligting). Die pro forma- finansiële inligting is die verantwoordelikheid van Naspers Beperk se direksie (die direksie) en word ter illustrasie aangebied. Inligting wat op 'n pro forma-grondslag aangebied word, is uit die groep se bestuursverslae verkry en die direksie is tevrede met die gehalte daarvan. Vanweë die aard van die pro forma- finansiële inligting en die feit dat dit uit die groep se bestuursrekeninge verkry is, word aandeelhouers ingelig dat dié inligting moontlik nie die groep se finansiële posisie, veranderinge in ekwiteit, resultate van bedrywighede of kontantvloei redelik weergee nie.

Die pro forma- finansiële inligting is voorberei ten einde die impak van skommelinge in buitelandse wisselkoerse en veranderinge in die samestelling van die groep op sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2019 te illustreer. Die volgende metodologie is toegepas in die berekening van die pro forma- finansiële inligting:

1. Buitelandsevaluta-/konstantegeldeenheid-aanpassings is bereken deur die huidige tydperk se resultate aan te pas teen die vorige tydperk se wisselkoerse, bepaal as die gemiddelde maandelikse wisselkoerse van die vorige tydperk. Die finansiële inligting in plaaslike munt is bereken deur die resultate in konstante geldeenhede, bereken soos hierbo uiteengesit, te vergelyk met die vergelykende tydperk se IFRS-resultate. Die relevante gemiddelde wisselkoerse (relatief tot die Amerikaanse dollar) vir die belangrikste funksionele geldeenhede was: Suid-Afrikaanse rand (2019: 0.0723; 2018: 0.0774); Poolse zloty (2019: 0.2684; 2018: 0.2794); Russiese roebel (2019: 0.0153; 2018: 0.0173); Chinese yuan renminbi (2019: 0.1485; 2018: 0.1517); Indiese roepee (2019: 0.0143; 2018: 0.0155); Brasiliaanse reaal (2019: 0.2622; 2018: 0.3097); Angolese kwanza (2019: 0.0035; 2018: 0.0056); en Nigeriese naira (2019: 0.0028; 2018: 0.0028).

vir die jaar tot 31 Maart

17. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

2. Aanpassings gedoen vir veranderinge in die samestelling van die groep hou verband met verkrygings en vervreemdings van filiale en ekwiteitsverantwoorde beleggings, asook veranderinge in die groep se aandeelhouding in sy ekwiteitsverantwoorde beleggings. Vir samesmeltings sluit die aanpassings in die groep se samestelling 'n deel van die vorige jaar se resultate van die entiteit met wie saamgesmelt is, in. Ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, is aanpassings gedoen vir die volgende beduidende veranderinge in die samestelling van die groep wat gedurende die onderskeie verslagdoeningstydperke plaasgevind het:

Jaar tot 31 Maart 2019

Transaksie	Rekeningkundige grondslag	Rapporteerbare segment	Verkryging/ Vervreemding
Voortgesette bedrywighede			
Verwatering van die groep se belang in Tencent	Geassosieerde	Sosiale en internetplatforms	Vervreemding
Verkoop van die groep se belang in Flipkart	Geassosieerde	e-Handel	Vervreemding
Uitwerking van samesmelting tussen ibibo en MakeMyTrip	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging en vervreemding
Verkryging van die groep se belang in Delivery Hero	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in Swiggy	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in Frontier Car Group	Geassosieerde	e-Handel	Verkryging
Verkoop van die groep se belang in Souq	Gesamentlike onderneming	e-Handel	Vervreemding
Verkoop van die groep se belang in Tek Travels	Filiaal	e-Handel	Vervreemding
Verkryging van die groep se belang in Takealot	Filiaal	e-Handel	Verkryging
Uitkering van die groep se belang in Novus aan aandeelhouers	Filiaal	Media	Vervreemding
Beëindigde bedrywighede			
Uitkering van MultiChoice Group aan aandeelhouers	Filiaal	Videovermaak	Vervreemding
Verkoop van die groep se belang in MWEB	Filiaal	Videovermaak	Vervreemding

Die netto aanpassing gedoen vir alle verkrygings en vervreemdings wat gedurende die jaar tot 31 Maart 2019 plaasgevind het, was 'n negatiewe aansuiwering van VS$1.4mjd aan omset en 'n negatiewe aansuiwering van VS$181m aan handelswins.

Die groep se eksterne ouditeur het 'n gerusstellingsverslag rakende die pro forma- finansiële inligting uitgereik wat by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar is.

vir die jaar tot 31 Maart

17. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

Aansuiwerings gedoen aan bedrae, gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

	2018 A	2019 B	2019 C	2019 D	2019 E	2019 F[2]	2019 G[3]	2019 H[4]
	Herstateer IFRS[1] VS$'m	Groep-samestelling-vervreemdings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buitelandse-valuta-aanpassing VS$'m	Groei in plaaslike geld-eenheid VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Groei in plaaslike geld-eenheid %-verandering	IFRS %-verandering
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE								
Omset								
Internet	15 863	(1 248)	324	(663)	4 402	18 678	30	18
e-Handel	3 582	(493)	324	(277)	798	3 934	26	10
– Geklassifiseerde Advertensies	628	(1)	85	(67)	230	875	37	39
– Betalings en Fintech	294	(1)	25	(40)	82	360	28	22
– Kosaflewering	166	–	149	(33)	95	377	57	>100
– e-Kleinhandel	2 060	(476)	53	(102)	312	1 847	20	(10)
– Reis	211	(15)	–	(1)	39	234	20	11
– Ander	223	–	12	(34)	40	241	18	8
Sosiale en internetplatforms	12 281	(755)	–	(386)	3 604	14 744	31	20
– Tencent	12 024	(753)	–	(348)	3 534	14 457	31	20
– Mail.ru	257	(2)	–	(38)	70	287	27	12
Media	507	(145)	–	(22)	(14)	326	(4)	(36)
Korporatiewe segment	2	–	–	–	–	2	–	–
Intersegmenteel	(20)			1	3	(16)		
Ekonomiese belang	16 352	(1 393)	324	(684)	4 391	18 990	29	16
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE								
Videovermaak	3 677	(373)	4	(195)	211	3 324	6	(10)
Groep- ekonomiese belang	20 029	(1 766)	328	(879)	4 602	22 314	25	11

[1] Alle bedrae is gemeet op die grondslag van ekonomiese belang soos aangedui in die segmentele oorsig.
[2] A + B + C + D + E.
[3] [E/(A + B)] x 100.
[4] [(F/A) – 1] x 100.

Verwys na die segmentele oorsig en aantekening 2 vir besonderhede van die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige uitsprake gedurende die jaar.

17. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

Aansuiwerings gedoen aan bedrae, gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

	2018 A	2019 B	2019 C	2019 D	2019 E	2019 F[2]	2019 G[3]	2019 H[4]
	Her-stateer IFRS[1] VS$'m	Groep-samestelling-vervreem-dings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buitelandse-valuta-aanpassing VS$'m	Groei in plaaslike geld-eenheid VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Groei in plaaslike geld-eenheid %-veran-dering	IFRS %-veran-dering
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE								
Handelswins								
Internet	3 013	(142)	(108)	(49)	625	3 339	22	11
e-Handel	(713)	88	(108)	26	94	(613)	15	14
– Geklassifiseerde Advertensies	(114)	2	(14)	–	128	2	>100	>100
– Betalings en Fintech	(64)	–	(20)	(2)	43	(43)	67	33
– Kosaflewering	(30)	–	(56)	12	(97)	(171)	>(100)	>(100)
– e-Kleinhandel	(270)	93	(9)	11	25	(150)	14	44
– Reis	(61)	(7)	–	–	31	(37)	46	39
– Ander[5]	(174)	–	(9)	5	(36)	(214)	(21)	(23)
Sosiale en internetplatforms	3 726	(230)	–	(75)	531	3 952	15	6
– Tencent	3 675	(230)	–	(72)	556	3 929	16	7
– Mail.ru	51	–	–	(3)	(25)	23	(49)	(55)
Media	3	(26)	–	2	7	(14)	(30)	>(100)
Korporatiewe segment	(22)	–	–	5	(4)	(21)	(18)	5
Ekonomiese belang	2 994	(168)	(108)	(42)	628	3 304	22	10
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE								
Videovermaak[6]	410	16	79	(94)	101	512	24	25
Groep- ekonomiese belang	3 404	(152)	(29)	(136)	729	3 816	22	12

[1] *Alle bedrae is gemeet op die grondslag van ekonomiese belang soos aangedui in die segmentele oorsig.*
[2] *A + B + C + D + E.*
[3] *[E/(A + B)] x 100.*
[4] *[(F/A) – 1] x 100.*
[5] *Die groep het histories 'n deel van sy korporatiewe koste aan die Videovermaak-segment toegewys. Ná die uitkering van MultiChoice Group aan aandeelhouers in die huidige jaar, en die gevolglike aanduiding van die Videovermaak-segment as 'n beëindigde bedrywigheid, word korporatiewe koste nou slegs aan die e-handelsegment toegewys. Die groep beskou dié korporatiewe koste as grootliks verbandhoudend met steun aan die e-handelsegment. In gevolge IFRS 8* Bedryfsegmente *het die groep die vergelykende inligting in die segmentele oorsig op dieselfde grondslag aangedui.*
[6] *Sluit 'n aansuiwering vir waardevermindering en amortisasie in wat die groep sedert MultiChoice Group op 30 September 2018 as gehou vir verkoop geklassifiseer is ingevolge IFRS 5* Nie-bedryfsbates Gehou vir Verkoop en Beëindigde Bedrywighede *ophou erken het tot en met die datum van uitkering aan aandeelhouers.*

Verwys na die segmentele oorsig en aantekening 2 vir besonderhede van die groep se aanvaarding van nuwe rekeningkundige uitsprake gedurende die jaar.

vir die jaar tot 31 Maart

17. PRO FORMA- FINANSIËLE INLIGTING (vervolg)

Aansuiwerings gedoen aan bedrae, gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

	2018 A	2019 B	2019 C	2019 D	2019 E	2019 F[1]	2019 G[2]	2019 H[3]
	Herstateer IFRS[1] VS$'m	Groep-samestelling-vervreem-dings-aanpassing VS$'m	Groep-samestelling-verkrygings-aanpassing VS$'m	Buitelandse-valuta-aanpassing VS$'m	Groei in plaaslike geld-eenheid VS$'m	IFRS[1] VS$'m	Groei in plaaslike geld-eenheid %-veran-dering	IFRS %-veran-dering
Ander metings aangemeld								
Gekonsolideerde Avito-omset	284	–	–	(42)	80	322	28	13

Kernwesensverdienste, bereken op die grondslag van konstante geldeenhede, beloop VS$3mjd.

[1] *A + B + C + D + E.*
[2] *[E/(A + B)] x 100.*
[3] *[(F/A) – 1] x 100.*

Onafhanklike ouditeur se verslag

op die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN NASPERS BEPERK

MENING

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, soos uiteengesit in die meegaande voorlopige verslag, wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2019, die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat en opgesomde gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Naspers Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2019.

Na ons mening, is die meegaande opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die JSE Beperk (JSE) se Noteringsvereistes vir voorlopige verslae, soos uiteengesit in aantekening 2 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op finansiële jaarstate nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

DIE GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE EN ONS VERSLAG DAAROP

Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek aangaande die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 21 Junie 2019. Daardie verslag sluit ook kommunikasie in oor sleutel-ouditaangeleenthede. Sleutel-ouditaangeleenthede is daardie aangeleenthede wat volgens ons professionele oordeel van die mees beduidende was in ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die huidige jaar.

DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die JSE se Noteringsvereistes vir voorlopige verslae, soos uiteengesit in aantekening 2 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

OUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die 'International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)', *"Engagements to Report on Summary Financial Statements"*, uitgevoer is.

ANDER AANGELEENTHEID

Ons het nie die toekomstige finansiële prestasie en verwagtinge soos uitgespreek deur die direkteure in die kommentaar bykomend tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state geoudit nie en spreek dienooreenkomstig nie 'n mening daaroor uit nie.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Direkteur: Brendan Deegan
Geregistreerde Ouditeur

Kaapstad
21 Junie 2019

PricewaterhouseCoopers Geïnk.,
5 Silo Square, V&A Waterfront, Kaapstad, 8002
Posbus 2799, Kaapstad, 8000
T: +27 (0) 21 529 2000, F: +27 (0) 21 529 3300, www.pwc.co.za
Reg. no. 1998/012055/21, VAT reg. no. 4950174682

Hoof Uitvoerende Beampte: T D Shango

Bestuurskomitee: S N Madikane, J S Masondo, P J Mothibe, C Richardson, F Tonelli, C Volschenk
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Lisbonlaan 4, Waterfall City, Jukskei View, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.

Reg-nr. 1998/012055/21, BTW reg-nr. 4950174682.

NASPERS BEPERK
Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika
(Registrasienommer 1925/001431/06)
(Naspers)
JSE-aandelekode: NPN ISIN: ZAE000015889
LSE-kode: NPSN ISIN: US 6315121003

DIREKTEURE
J P Bekker (voorsitter), B van Dijk (uitvoerende hoof), E M Choi, H J du Toit, C L Enenstein, D G Eriksson, R C C Jafta, F L N Letele, D Meyer, R Oliveira de Lima, S J Z Pacak, T M F Phaswana, V Sgourdos, M R Sorour, J D T Stofberg, B J van der Ross

MAATSKAPPYSEKRETARIS
G Kisbey-Green

GEREGISTREERDE KANTOOR
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
Posbus 2271
Kaapstad 8000
Suid-Afrika

OORDRAGSEKRETARIS
Link Market Services South Africa Eiendoms Beperk
13de Verdieping
Rennie House
Ameshoffstraat 19
Braamfontein 2001
Posbus 4844
Johannesburg 2000
Suid-Afrika

BORG
Investec Bank Beperk

ADB-PROGRAM
Bank of New York Mellon bedryf 'n GlobalBuyDIRECT[SM]-plan vir Naspers Beperk.
Vir bykomende inligting, besoek gerus Bank of New York Mellon se webwerf by www.globalbuydirect.com of skakel Shareholder Relations by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT[SM]
Church Street Station
PO Box 11258, New York
NY 10286-1258, USA

BELANGRIKE INLIGTING
Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se Private Securities Litigation Reform Act van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sodanige vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sodanige uitdrukkings te identifiseer nie. Uit hul aard behels vooruitskouende stellings risiko en onsekerheid, want hulle het betrekking op toekomstige gebeure en omstandighede en moet in die lig van 'n verskeidenheid faktore oorweeg word. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtinge verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesentlik van ons verwagtinge verskil. Die belangrikste faktore wat ons werklike prestasie of resultate wesentlik van dié in die vooruitskouende stellings kan laat afwyk, sluit in: veranderinge aan die IFRS en verwante interpretasies, toepassings en praktyke soos hulle op vorige, huidige en toekomstige tydperke van toepassing is; deurlopende en toekomstige verkrygings; veranderinge in plaaslike en internasionale sake- en marktoestande, soos bewegings in wissel- en rentekoerse; veranderinge in plaaslike en internasionale regulatoriese en wetgewende omgewings; veranderinge in plaaslike en internasionale bedryfs-, maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande; enige arbeidsontwrigting en nywerheidsoptrede; en die uitwerking van sowel lopende as toekomstige litigasie. Ons is geensins onder die verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings, hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins, by te werk of te wysig nie. Ons kan nie die versekering gee dat vooruitskouende stellings sal blyk reg te wees nie en beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat in hierdie verslag vervat is nie.

www.naspers.com

NASPERS-HOOFKANTOOR
+27 (0)21 406 2121

Straatadres
Heerengracht 40
Kaapstad
8001
Suid-Afrika